AMOSSIE

Julie 2004

INHOUD/INDEX

Laat ons bid 3

AMOS AGRIMIN se Hoofkantoor het na Bloemfontein verskuif 5

Gebedsfokus 2004 8

Deel 1
Aan wie behoort die grond? 8

Deel 2
Wat maak grondhervorming so moeilik? 13

Deel 3
Hoe verstaan en hanteer ons die pyn en lyding wat met grondhervorming gepaard gaan? 20

Deel 4
Die bemagtiging van opkomende kommersiële boere 35

Deel 5
Die bemagtiging van bestaande kommersiële boere en plattelandse gemeentes 45

Volgende Amossie

Die volgende *Amossie* gaan weer propvol nuus van oraloor wees. Stuur asseblief vir ons vars nuus *vannie* plaas! Deel met die lesers wat in jou dorp/streek gebeur. Vertel vir ons hoe die Here mense se lewe en omstandighede verander. Jou bydrae gaan verseker nie te klein en gering wees nie.

Visie: Elke plaas vir Christus.

Missie: Om aan elke persoon in Afrika, wat deel van die landelike en boerdery-gemeenskap is, die geleentheid te bied om in 'n persoonlike verhouding met Christus te staan en volgens Bybelse waardes en norme te lewe.

Redaksioneel

Grondhervorming is onstuitbaar. Die proses gaan voort. Oor hoe die proses moet verloop en wat die uiteinde daarvan gaan wees, is daar egter groot meningsverskil. Baie mense staan krities daarteenoor. Ek vertrou egter ons Vader dat Hy aan ons Suid-Afrikaners die geloofsmoed, wil, wysheid, insig, kennis, praktiese vaardigheid en deursettings-vermoë sal gee om die uitdagings wat grondhervorming voor ons lê, met albei hande aan te gryp en 'n sukses daarvan te maak - 'n voorbeeld vir Afrika en die res van die wêreld! Ek glo met my hele hart dat God deur die landbou vir Afrika wil sorg. Hy wil my en jou gebruik om vir Afrika en vir landbou in Afrika tot seën te wees. Daarom moet ons ons in die eerste plek verootmoedig, sy aangesig soek en na sy wil vra. Kom bid 40 dae saam met *AMOS* vir grondhervorming en die landbou. God verhoor gebed! In antwoord op ons gebede kan en sal Hy wonders doen!

Laat ons bid

(Hennie Viljoen)

By die opstel van hierdie gebedsriglyne vir ons jaarlikse 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou, het ek opnuut besef hoeveel sake daar is waaroor ons behoort te bid. Ek het ook gedink aan die prys wat Jesus volgens Hebreërs 10:11-25 betaal het sodat ons vrye toegang tot God kan hê. Ek het gedink aan die uitnodiging om oor niks besorg te wees nie, maar in alles, ook oor grondhervorming, ons begeertes deur gebed en smeking met danksegging aan God bekend te maak *(Filippense 4:6).* Toe besef ek: Hoe kan ek die voorreg wat Christus deur sy bitter lyding vir my verwerf het, nie ten volle benut nie? *(Ek hoop jy het al "The passion of the Christ" gesien.)* Hoekom wil ek van dag tot dag loop en worstel oor grondhervorming terwyl God aan my vrede beloof indien ek bid? *(Filippense 4:7).* Daarom wil ek jou uitnooi om altyd, maar veral gedurende hierdie 40 dae, saam met my te bid. God gaan beslis in antwoord op ons gebede groot dinge doen. Skeptiese mense kan redeneer dat beantwoorde gebede blote toeval is, maar 'n Engelse aartsbiskop het eenmaal opgemerk: *"Dis verbasend hoeveel toevallighede plaasvind as ons begin bid."*

Dié gebedsriglyne is nie 'n wettiese voorskrif nie. Dis net riglyne. Lees en oordink die gedeelte vir elke dag, en bid dan oor alles wat die Heilige Gees op jou hart plaas. Aangesien *AMOS* 'n veelrassige organisasie is en daar boere en plaaswerkers is wat aan hierdie gebedsfokus deelneem, het ek die riglyne sover moontlik só opgestel dat dit vir beide groepe bruikbaar kan wees. Ten opsigte van grondhervorming was dit om verstaanbare redes egter nie altyd so maklik nie.

Benut elke bestaande geleentheid, maar skep ook nuwe geleenthede om gedurende dié tyd saam met ander mense te bid. Dink aan die volgende moontlikhede:

* Jou persoonlike **stiltetyd;**
* Gebede **aan tafel** *(dis dié geleentheid waar mense vir die landbou kan en behoort te bid);*
* Met **invaltyd, uitvaltyd** of **gedurende middagetes** kan tyd aan gebed afgestaan word;
* Gebruik julle bestaande **AAS-byeenkomste,** of kom ook as Amos Aksiespan spesiaal bymekaar om saam te bid. Op bladsy 12 in die *Amossie* is daar riglyne vir julle **kleingroepbyeenkomste.** Gebruik dit gerus;
* Tydens **eredienste** kan 'n boer, boervrou, kind, plaaswerker of enige lidmaat gevra word om spesiaal vir die landelike en boerderygemeenskap in te tree;

* **Spesiale gebedsgeleenthede** (bidure), asook **halfnag- of deurnaggebeds-geleenthede** kan gereël word;
* Mobiliseer ook **bejaardes, kinders en werknemers** om saam te bid. Daar bestaan soveel moontlikhede, maar dit gaan waarskynlik nie vanself gebeur nie. Julle moet moeite doen en dit deeglik beplan.

Ek wil afsluit met twee aanhalings waardeur die Here my persoonlike gebedslewe verryk het. Die eerste wat ek êrens gelees het, is: ***"We can read all the books that have been written about prayer, but until we actually choose by an act of our will, to pray, we will never learn."*** Daarom wil ek jou aanmoedig, begin bid! Die tweede aanhaling is net so belangrik. Dit kan maklik gebeur dat ons gedurende hierdie 40 dae meer oor grondhervorming redeneer as wat ons daaroor bid. Moenie in dié slaggat trap nie! Die aanhaling is: ***"The enemy rejoices when Christians spend more time discussing prayer than practising prayer."***

Dankie dat julle saam bid. *Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;* ***die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!*** (Numeri 6:24-26).

NEEM ASSEBLIEF KENNIS

Neem asseblief kennis dat daar **nie 'n afsonderlike kleingroepstudie saam met hierdie *Amossie* versprei word nie.** Vanweë die dikte van hierdie gebedsfokus, die koste van die *Fees-Amossie (dis volkleur)* wat reeds versprei is, asook die baie tyd wat die verskuiwing van *AMOS* se hoofkantoor na Bloemfontein in beslag neem, is dit nie vir ons moontlik om ook 'n kleingroepstudie te versprei nie. Aan die hand van hierdie gebedsfokus kan julle 6 kleingroepbyeenkomste hou.

Geregistreerde lede ontvang weer 'n kleingroepstudie saam met hulle volgende *Amossie.* Indien jy nie in besit is van die **kleingroepstudie oor grondhervorming** wat einde verlede jaar verskyn het nie, kan jy dit gerus by ons nuwe adres in Bloemfontein bestel.

Ter voorbereiding: Koop die video *Perspektiewe op grondhervorming - 'n persoonlike getuienis deur Boet Pretorius.*

1. **<u>Verklaring</u>:** Herinner mekaar aan die doel van julle byeenkoms. Lees die volgende verklaring hardop saam: *"In gehoorsaamheid aan die Vader, Seun en Heilige Gees is ons bymekaar om God te aanbid en te verheerlik. Ons is hier om deur sy Woord en Gees, asook die getuienis van Boet Pretorius en ons onderlinge gemeenskap, toegerus te word om as God se boere, saam met God se mense, op God se grond, tot God se eer te lewe."*

2. **<u>Lof en aanbidding</u>:** Loof, prys en aanbid die Here.

3. **<u>Onderlinge belangstelling in mekaar</u>:** Maak julle byeenkoms werklik 'n ***omgee***-byeenkoms. Deel mekaar se lief en leed en bid vir mekaar. Moenie dit wat vertroulik in die groep gesê word, oorvertel nie.

4. **<u>Kyk die video</u>:** *Perspektiewe op grondhervorming - 'n persoonlike getuienis deur Boet Pretorius, eksboer van Chinhoyi in Zimbabwe.*

5. **<u>Gesels met mekaar oor die volgende</u>:** 1 Petrus 1:3-9. Die gebeure in Zimbabwe en in Boet-hulle se persoonlike lewe het hulle geloof getoets; hulle diepste motiewe blootgelê en gesuiwer; hulle met nuwe oë die Bybel laat lees; hulle gestroop van verkeerde opvattings, valse sekuriteite en onrealistiese verwagtings; hulle met ander oë na Afrika en sy mense laat kyk! Boet getuig dat die Here hulle telkens gekonfronteer het. Hy/hulle moes verander, nie net Afrika nie.
   * *Wat het die Heilige Gees spesifiek op jou hart gelê? Waaroor het Hy jou deur Boet se getuienis aangespreek?*
   * *Wat wil die Here in jou/julle lewe deur sy Gees en Woord, asook deur omstandighede verander? Is jy bereid om te verander?*
   * *Wat dink julle is die heel belangrikste boodskap wat die Here deur Boet aan julle wil gee?*

6. **<u>Reik uit na die wêreld</u>:**
   * Hoe gaan julle, met die getuienis van Boet in gedagte, Afrika dien met julle kundigheid, vaardighede en finansiële bronne?
   * Beplan en bespreek die opleiding van werkers en/of ander uitreikaksies.

7. **<u>Voorbidding</u>:** Bid oor die sake wat die Gees nou op julle hart lê. Dank die Here in besonder vir Boet en sy gesin en bid dat die Here sy getuienis kragtig sal seën. Bid ook vir Zimbabwe. (Kyk op bladsy 52 oor Amosopleiding in Zimbabwe.)

8. **<u>Huishoudelike sake</u>:** Beplan die datum, tyd, plek en onderwerp van die volgende byeenkoms. Eet en kuier lekker saam.

GEBEDSFOKUS 2004

DEEL 1

AAN WIE BEHOORT DIE GROND?

Woensdag - 1 September 2004

LEES: Levitikus 25:23; Psalm 24:1 en Psalm 108:8-10

Wanneer ons oor grondhervorming praat, is dit baie belangrik om te onthou oor wie se grond ons praat. **God is die eintlike Eienaar van alle grond** - die primêre Eienaar. Alle grond behoort aan Hom! Hy kan daarmee doen wat Hy wil. Hy kan dit gee aan wie Hy wil, wanneer Hy wil. Hy kan dit ook terugvat wanneer Hy wil en dit weer aan iemand anders gee.

GEBED: Here, ons **aanbid** U as die Een aan wie alle grond behoort. Baie **dankie** vir die voorreg wat U aan ons gegee het om op u grond te bly, te boer en om rentmeesters daarvan te wees. **Vergewe** ons dat ons dikwels praat en leef asof die grond nét aan ons behoort en dat dit ons reg is om grond te kry of te besit. **Bewaar** ons almal van gierigheid en van die versoeking om oor u grond te stry en baklei. Konflik oor grond gaan tot almal se nadeel wees. Daarom **smeek** ons U, Vader: wanneer die gesprek en onderhandelings oor grond warm word, help ons asseblief om te onthou dat ons oor u grond praat, en dat nie een van ons die alleenreg of aanspraak daarop het nie. Help ons om altyd te onthou dat die besit van grond 'n voorreg en groot verantwoordelikheid is. Amen

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Een van ons doelstellings is: *God se boer, saam met God se mense, **op God se grond,** tot God se eer!* Bid dat die Here *AMOS* só sal seën dat dié doel op al hoe meer plase bereik sal word.

Donderdag - 2 September 2004

LEES: Jeremia 32:6-15 en Handelinge 5:1-4

Grond behoort in die eerste plek aan die Here, maar **Hy gee dit ook aan spesifieke mense om te besit.** So het Hy aan al die stamme van Israel hulle eie grondgebied gegee *(Josua 13-19).* Hy het ook Jeremia beveel om grond te koop. Jeremia het 'n kontrak laat opstel, dit deur getuies laat teken,

'n afskrif gemaak, die oorspronklike kontrak laat seël en veilig laat bewaar. Hy het die koopprys in silwer betaal. Dis vandag nog die elemente van 'n volledige kooptransaksie. Mense mag dus grond koop, besit en verkoop. Privaatbesit is in ooreenstemming met die Woord en wil van God.

GEBED: **Dankie** vir die grond en die landbougemeenskap waardeur U vir ons sorg. **Dankie** vir die voorreg wat ons het om grond te kan besit. Ons **pleit** by U dat eiendomsregte in Suid-Afrika en Afrika erken en gehandhaaf sal word en waar hierdie regte geskend word, dit herstel sal word. Ons **vra** dat alle konflik oor landbougrond op 'n vreedsame manier opgelos sal word en dat almal wat grond besit, dit verantwoordelik sal bewoon, bewerk en bewaar (oppas). Amen

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Een van *AMOS* se hooffunksies is **eenheid en versoening.** Bid dat die Here *AMOS* sal gebruik om die stryd en konflik oor grond te help oplos. Bid dat kerke en *AMOS* die verskillende groepe sal help om mekaar beter te verstaan en groter begrip vir mekaar te hê.

Vrydag - 3 September 2004

LEES: Jesaja 5:8-10 en Esegiël 47:21-23

Dis baie duidelik dat die Here nie wil hê dat net sekere groepe of enkele mense ál die grond moet besit nie. **Diegene wat die begeerte het en daartoe in staat is, moet die geleentheid kry om grond of eiendom te besit.** Om dié beginsel in die praktyk toe te pas, het ons die wysheid van die Here nodig.

GEBED: Here, dit is met diepe berou dat ons **bely** dat daar 'n tyd in ons land was dat sekere mense nie toegelaat is om grond te besit nie. Ja, nog erger, dat baie van die wat vroeër wel grond besit het, se grond sonder hulle goedkeuring van hulle vervreem is. **Dankie** dat U nou aan ons die geleentheid gee om dié onreg reg te stel. Ons **bely** dat baie van ons nog nie lus en gereed is om dit te doen nie, en dat dié van ons wat wel wil, nie presies weet hoe om dit op 'n regverdige en verantwoordelike wyse te doen nie. **Bewaar** ons daarvan om onreg met onreg te probeer regmaak. Here, help ons om klaar te maak met die verlede en saam te bou aan 'n nuwe toekoms waarin daar gelyke geleenthede vir almal is. Amen

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Die boer-profeet Amos, is bekend vir sy duidelike **uitsprake teen alle vorme van sosiale onreg.** Bid dat *AMOS,* wat dié profeet se naam dra, nie sal skroom om dieselfde te doen nie, ongeag wie onreg teenoor wie pleeg. Bid vir die werk van *AMOS* in **Namibië.**

Saterdag - 4 September 2004

LEES: Numeri 27:1-10 en 36:6-13

In Israel was daar duidelike riglyne oor die hantering van grond en hoe dit van een geslag na die volgende, of van persoon tot persoon oorgedra moet word. Maar toe ontstaan daar 'n situasie waar dié riglyne nie meer voldoende was nie. Nuwe riglyne was nodig. Moses het nie sommer self 'n plan probeer beraam of met 'n kitsoplossing na vore gekom nie. Hy het selfs nie eers 'n vergadering van wyses bymekaar geroep om oor die saak te debatteer nie. *"**Moses het die saak voor die Here gebring,** en die Here het vir hom gesê: ..." (Vers 5-6a).* **Grondhervorming is 'n moeilike en komplekse saak met baie kante. Christene móét oplossings en antwoorde van die Here afbid.** Ons durf nie op ons eie insigte staat maak nie.

GEBED: Here, hoe verwaand is ons om te dink dat ons nie oor grondhervorming hoef te bid en u raad te vra nie. **Vergewe** ons dat ons al soveel keer ons eie planne beraam en ons eie kop gevolg het. Ons **aanbid** U as die God wat altyd antwoorde en oplossings vir alle moeilike vraagstukke het. Ons **dank** U vir die voorreg om in gebed met U te kan praat en veral gedurende hierdie 40 dae u hulp en raad in verband met grondhervorming te vra. **Gee asseblief** dat meer en meer mense, veral dié wat die leiding in grondhervorming neem, u aangesig sal soek, u stem sal hoor en na u raad sal luister. **Bewaar** ons van die versoeking om weer en weer ons eie planne te beraam. Amen

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Vra asseblief ons Vader dat Hy steeds meer **voorbidders** vir *AMOS* en vir die landbou na vore sal laat kom. Bid dat ons hele bediening gebou sal bly op die antwoorde en oplossings wat die Here vir ons gee. Bid dat die Here ons gebedsnetwerk en veral hierdie 40-Dae Gebedsfokus sal seën. Bid vir die werk van *AMOS* in **Zimbabwe.** (Kyk op bladsy 52 oor Amosopleiding in Zimbabwe. Bid spesifiek vir die leerders en dosente se veiligheid.)

Sondag - 5 September 2004

Word stil voor die Here. Blaai terug en kyk weer na die sake waaroor ons hierdie week gebid het. Hoe het die Heilige Gees jou persoonlik aangespreek? Watter gebedsaak het Hy swaar op jou hart gelê? Hoe wil Hy jou lewe verander? Vir wie, of waaroor wil Hy hê moet jy weer bid? Neem tyd en doen dit nou.

Skrifgedeelte waaruit, of saak waaroor die Here spesifiek met my gepraat het:

……

Sake waaroor ek weer wil en moet bid:

……

……

Lees 1 Timoteus 2:1-6a. Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee landbouleiers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee boere en twee plaaswerkers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

1. …… 2. ……

KLEINGROEPBYEENKOMSTE

Ter voorbereiding: Die 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou is in vyf dele verdeel. As julle elke keer een deel voorberei en bespreek, kan julle vyf byeenkomste hou. Berei **deel een** voor vir hierdie eerste byeenkoms.

1. **Verklaring:** Herinner mekaar aan die doel van julle byeenkoms. Lees die volgende verklaring hardop saam: *"In gehoorsaamheid aan die Vader, Seun en Heilige Gees is ons bymekaar om God te aanbid en te verheerlik. Ons is hier om deur sy Woord en Gees en ons onderlinge gemeenskap toegerus te word om as God se boere, saam met God se mense, op God se grond, tot God se eer te lewe."*

2. **Lof en aanbidding:** Loof, prys en aanbid die Here.

3. **Onderlinge belangstelling in mekaar:** Maak julle byeenkoms werklik 'n ***omgee***-byeenkoms. Deel mekaar se lief en leed en bid vir mekaar. Moenie dit wat vertroulik in die groep gesê word, oorvertel nie.

4. **Luister wat sê die Gees en die Woord:** Gee aan elkeen wat die betrokke deel deurgewerk het, die **geleentheid om te sê** wat die Heilige Gees op sy of haar hart gelê het.

5. **Bespreek:** Lees die **twee Engelse aanhalings** in die artikel ***Laat ons bid*** op bladsy 4. Bespreek dit kortliks. As almal daarmee saamstem, staak die be-spreking en gaan oor tot voorbidding. (Lees dié twee aanhalings by elk van die vyf byeenkomste sodat julle dit altyd kan onthou en toepas.)

6. **Voorbidding:** Spandeer genoeg tyd aan voorbidding. Gebruik die riglyne in hierdie *Amossie*.

7. **Reik uit na die wêreld:**
   * Doen dit in die eerste plek deur aan te hou om vir die wêreld te bid.
   * Beplan en bespreek die opleiding van werkers en/of ander uitreikaksies.

8. **Huishoudelike sake:** Beplan die datum, tyd, plek en onderwerp van die volgende byeenkoms. Eet en kuier lekker saam.

DEEL 2

WAT MAAK GRONDHERVORMING SO MOEILIK?

Daar is veral **drie dinge** wat grondhervorming baie moeilik maak.

1. ***Dis nié die eerste keer dat grond in Suid-Afrika "herverdeel" word nie.*** Ons het dus eintlik te doen met 'n ***tweede grondhervorming.*** *(Hier verwys ek graag na die verslag van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake wat in 2002 voor die Algemene Sinode van die NG Kerk gedien het. Die volledige verslag is in die agenda van die sinode opgeneem en kan dus by enige leraar van die NG Kerk verkry word. Dis die moeite werd om die verslag van ses bladsye aandagtig deur te lees. Net punt 8.4 van die verslag word hier aangehaal.)*

8.4 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF OP GRONDBESIT IN SUID-AFRIKA

8.4.1 Swart mense meen dat die grond wat tradisioneel aan hulle voorvaders behoort het, van hulle afgeneem is deur die voorsate van hulle wit landgenote. Sommige koester hieroor selfs 'n wrok. Of hierdie persepsie korrek is al dan nie, dit is 'n feit dat blankes hulle vanweë die nalatenskap van die koloniale era en spesifiek die apartheidsbeleid wat grondbesit betref, in 'n bevoorregte posisie bevind. In dié verband het die beskerming en bevoorregting van blankes deur diskriminerende wetgewing ten opsigte van eiendomsreg, werkafbakening en grondreservering 'n groot rol gespeel.

8.4.2 'n Reeks wette het gedurende die vorige eeu grondbesit in Suid-Afrika bepaal, gebaseer op die konsep van territoriale segregasie en die skeiding van grondregte tussen blank en swart. Die belangrikste hiervan was die *Wet op Grondbesit van 1913* (Native Land Act). Hierdie wet, die eerste in die twintigste eeu wat groepsgebiede sou bepaal, het die land in sy geheel aan blankes toegesê, met die uitsondering van sekere gebiede wat vir swart mense opsy gesit is. Daarna het die *Ontwikkelingstrust en Grondwet van 1936* (Native Trust and Land Act) gevolg, wat aan swart mense 13,7% van die land toegeken het vir permanente verblyf, en waaraan ook die Ontwikkelingstrust gekoppel was wat die finale titel gehou het van alle grond wat aan die swart bevolking toegeken is. Die *Groepsgebiedewet van 1950*, wat afsonderlike verblyf in stedelike gebiede vir veral Kleurlinge en Indiërs bepaal het, het grootskaalse verskuiwing van mense tot gevolg gehad. Die sleutel-element in hierdie en ander wetgewing, wat veral sedert 1948 op groter skaal toegepas is, was dat alhoewel miljoene swart mense in landelike gebiede gewoon het, hulle nie wettige grondeienaars kon wees nie." *(Tot sover die aanhaling.)*

Ons moet dus aanvaar dat swart en bruin mense *(ook die Christene onder hulle)* wat die pyn van hierdie wette *(die eerste herverdeling)* aan hulle lyf gevoel het, anders oor dié saak voel, dink en redeneer. **Ons kom almal van "êrens" af** as ons aan die gesprek oor grondhervorming deelneem. Elkeen het 'n eie verhaal, ervaring en geskiedenis. **Hierdie "bagasie"en gepaardgaande emosies maak die gesprek moeilik. Beide groepe voel op een of ander manier verontreg en bedreig, en dit maak mense ontoeganklik** *(Spreuke 18:19).*

2. Tweedens word die proses bemoeilik deur dit **wat ons rondom ons sien gebeur:** talle mislukte projekte en chaos in Zimbabwe! Dit ondermyn ons geloof. Ons sê vir onsself: *Dit sal nóóit werk nie!* Daarom raak ons maar redelik halfhartig betrokke.

3. Derdens gaan dit in grondhervorming oor **mense en hulle emosies** - dalk meer as net oor 'n stuk aarde. Emosies bemoeilik altyd enige saak.

Kom ons bid gedurende die komende week hieroor.

Maandag - 6 September 2004

LEES: Jeremia 32:1-12 en 32:21-25 (lees verkieslik vers 1 tot 25)

Jeremia is sonder uitsig ingeperk in die binneplaas van die koning se paleis. Hy is 'n gevangene omdat koning Sedekia van Juda nie van sy boodskap gehou het nie. Jerusalem is beleër; die vyande is rondom die stad en niemand kan daar in of uit nie. In die stad heers daar uiterste ellende - hongersnood en pessiektes. En dis nie al nie! Die Here het uitdruklik gesê as Sedekia teen die koning van Babel gaan probeer veg om vry te kom, sal hulle die stryd verloor. 'n Mens kan jou beswaarlik 'n donkerder prentjie voorstel. **In hierdie uitsiglose tyd beveel die Here Jeremia om 'n stuk grond te koop.** Jeremia moes gehoorsaam wees en doen wat God sê, al het dit vir hom in die lig van die omstandighede uiters belaglik geklink. Ek is daarvan oortuig dat die Here ons ook roep om, ten spyte van al die negatiewe en skrikwekkende dinge wat ons sien en beleef, Hom te gehoorsaam.

GEBEDSAKE:

* Bid dat God se kinders bereid sal wees om te doen wat Hy sê, al is die omstandighede negatief en al lyk dit hoe donker.

* Bid dat die verskillende groepe begrip vir mekaar se vorige ervarings sal hê, asook dat almal inskiklik en toeganklik sal wees - oop vir oortuiging!

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: *AMOS* se hoofkantoor het aan die begin van Augustus van Memel na Bloemfontein verskuif *(Kaart en besonderhede op bladsy 5)*. Bid dat dié **verskuiwing** groot seën vir *AMOS* en die landbougemeenskap sal inhou. Bid vir nuwe verhoudinge wat gebou moet word en baie aanpassings wat gemaak moet word. Bid vir *AMOS* se werk in die **Vrystaat.**

Dinsdag - 7 September 2004

LEES: Jeremia 32:13-20 en 26-29, asook verse 36-44

Jeremia het gedoen wat die Here beveel het: Hy het die grond gekoop. Maar hy kon dit alleen doen omdat hy geglo het dat niks vir God onmoontlik is nie *(vers 17).* In vers 27 bevestig die Here Jeremia se geloof. Hy sê van Homself: *Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?* Ons moet leer om by omstandighede verby te kyk en op die Almagtige God en sy vermoë te vertrou. As ons bly dink anderskleuriges kan nie boer nie *(en dis 'n persepsie by baie),* stapel ons maklik hope bewyse op vir dit wat ons reeds glo. Voordat jy hart en siel by grondhervorming betrokke kan raak, **móét jy glo dat grondhervorming suksesvol kan wees.** Jy móét glo dat God dieselfde vermoë aan swart en bruin boere kan en wil gee as wat Hy aan wit boere gegee het. Kyk net wat Hy met sy volk gedoen het *(vers 38-41).*

GEBEDSAKE:

* Bid dat al meer mense hart en siel by grondhervorming betrokke sal raak omdat hulle op God se almag reken, en nie op die vermoë of onvermoë van mense nie.
* Bid dat die Here die skynbaar onmoontlike moontlik maak!

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: In 1 Samuel 23:16 lees ons dat Jonatan vir Dawid bemoedig het in sy vertroue op God. Dit het hy gedoen in 'n tyd toe Dawid in lewensgevaar was. Bid dat *AMOS* dieselfde **bemoedigende rol** in die landelike en boerderygemeenskap sal vervul. Bid vir *AMOS* se werk in **Noord-Wes.**

Woensdag - 8 September 2004

LEES: 1 Konings 21:1-3

Vir 'n boer is sy plaas (grond) veel meer as net 'n stuk aarde. Daar is 'n besondere band tussen 'n boer en sy grond, en as dit familiegrond is, soveel te meer. Nabot was nie bereid om sy erfgrond te verkoop of selfs te ruil vir 'n beter wingerd nie. Wanneer ons oor grondhervorming praat, móét ons rekening hou met die emosies van mense. Die emosies van dié wie se grond gedurende die arpartheidsjare in 'n japtrap onteien is, sowel as hulle wie se grond tans deur grondeise geraak word. Grondhervorming is 'n emosionele saak. Daarom moet dit met wysheid en sensitiwiteit teenoor almal hanteer word.

GEBEDSONDERWERPE:

* As jy 'n grondeienaar is, stort jou hart voor die Here uit. Sê vir Hom wat jou diepste emosies is: Hoe voel jy? Waaroor is jy ontsteld? Wat veroorsaak jou pyn? Wat vrees jy? Ensovoorts.
* Bid vir die **emosionele genesing** van mense wat teen hulle sin van hulle grond moes afstand doen, of nog moet afstand doen.
* Bid vir die totstandkoming van **tydelike traumaklinieke** waar boere wat grondhervorming as traumaties beleef of die pyn daarvan aan hulle eie lyf voel of gevoel het, pastoraal gehelp kan word.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: *AMOS* benodig **kundige vrywilligers** wat van tyd tot tyd op verskillende terreine vir ons kan help. Bid dat die Here self hierdie mense sal roep en hulle paaie met dié van *AMOS* sal laat kruis. Bid vir die werk van *AMOS* in die **Noord-Kaap.**

Donderdag - 9 September 2004

LEES: 1 Konings 21:4-6

Dis nie net Nabot wat emosioneel oor sy grond geraak het nie, maar ook Agab wat dit graag wou hê. Agab het menige dae na Nabot se wingerd gekyk en mettertyd allerhande drome oor dié stuk grond begin droom. Hy het sy hart daarop gesit, in so 'n mate dat toe Nabot weier om sy wingerd te verkoop, Agab baie ontsteld was. Hy was bedruk, het op sy bed gaan lê, sy gesig na die muur toe gedraai en niks geëet nie. Hy het sekerlik gedink hy

het die *reg* om die wingerd te koop, want hy was immers die koning.

GEBEDSAKE:

* As jy nog benadeel en verontreg voel omdat jy nie jou eie grond besit nie, stort jou hart voor die Here uit. Sê vir Hom wat jou diepste emosies is: Hoe voel jy? Waaroor is jy ontsteld en seer? Ensovoorts.
* Bid dat mense wat teleurgesteld is in hulle verwagting om grond in die hande te kry, se emosies nie die oorhand oor hulle sal kry nie.
* Bid dat almal wat leiding neem in die grondhervormingsproses, nie emosioneel oor dinge sal raak nie, maar koelkop sal bly en perspektief sal behou te midde van baie wat emosioneel daaroor is.
* Bid vir alle joernaliste, redakteurs en omroepers wat oor grondhervorming verslag doen. Bid dat hulle 'n positiewe bydrae sal lewer en nie die proses nog moeiliker sal maak deur op sensasie te fokus en mense emosioneel op te sweep nie.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid vir die **direksie** van *AMOS AGRIMIN.* Daar rus 'n baie groot verantwoordelikheid op hulle. Twee van die direkteure het reeds te kenne gegee dat hulle graag volgende jaar wil uittree. Dank die Here vir hulle waardevolle bydrae sedert 2001 en bid dat Hy die regte persone in hulle plek sal voorsien. Bid vir mnr. Daan Nortier van Bloemfontein wat pas as nie-uitvoerende direkteur aangestel is. Bid vir *AMOS* se werk in die **Wes-Kaap.**

Vrydag - 10 September 2004

LEES: 1 Konings 21:7-16 en Esegiël 46:18

Hier het ons 'n goeie voorbeeld van mense wat hulle mag en posisie misbruik het om iemand se grond op 'n onregmatige manier in die hande te kry. Kyk net waartoe die begeerte na 'n stuk grond 'n mens dryf: valsheid, leuens (haatspraak?), vriendskap met gewetenlose mense en uiteindelik moord en diefstal! Die misbruik van mag *(of dit nou ekonomiese mag, politieke mag, of die oormag van getalle is)* is altyd 'n baie groot versoeking, veral as jou emosies die oorhand begin kry. Intimidasie en die misbruik van mag in Afrika *(deur wit en swart)* is goed bekend en steeds 'n baie groot probleem.

GEBEDSAKE:

* Bid teen die misbruik van mag in die hele grondhervormingsproses. Dit loop altyd op lelike dinge uit. Bid ook dat grondhervorming nooit 'n politieke speelbal sal word nie.
* Bid dat die owerheid nie hulle mag sal misbruik nie, maar ook die gemeenskap sal beskerm teen diegene wat dit wel doen.
* Bid dat die beginsel van vrywillige verkoper en koper deur die hele grondhervormingsproses gehandhaaf word.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid asseblief vir al *AMOS* se **leiers.** Bid in besonder vir die Besturende Direkteur en sy vrou (Hennie en Janetta), die streekbestuurders (JB Wessels en Bennie Brink) en húlle vrouens, asook die personeel, visiedraers en dosente. Bid vir *AMOS* se werk in die **Oos-Kaap.**

Saterdag - 11 September 2004

LEES: 1 Konings 21:17-29

Vroeër of later word onreg gestraf! Dit sou Agab en Isebel op 'n baie harde manier leer. God is nie blind nie. Hy is nie doof nie. Hy straf alle onreg; dié van die verlede, maar ook dié van die hede! Wie onreg met onreg wil regmaak, ondergrawe sy eie toekoms. Jy kan nie vir jouself 'n toekoms op onreg bou nie.

GEBEDSAKE:

* Bid dat mense werklik berou oor onreg sal hê en hulle voor die Here sal verootmoedig *(vergelyk vers 27).*
* Bid vir Zimbabwe, 'n land waar daar tans soveel misbruik van mag en soveel onreg is. Bid dat die Here sal ingryp en dat reg en geregtigheid weer sal geskied.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Verskeie boere wat by *AMOS* betrokke is, het reeds die inisiatief geneem om **swart en bruin boere in die landbou te help vestig** en ander tree as **mentors** by sulke projekte op. Bid dat die Here hulle ryklik sal seën en dat dié projekte regtig 'n getuienis sal wees van wat God kan doen. Bid vir die werk van *AMOS* in **KwaZulu-Natal.**

Sondag - 12 September 2004

Word stil voor die Here. Blaai terug en kyk weer na die sake waaroor ons hierdie week gebid het. Hoe het die Heilige Gees jou persoonlik aangespreek? Watter gebedsaak het Hy swaar op jou hart gelê? Hoe wil Hy jou lewe verander? Vir wie, of waaroor wil Hy hê moet jy weer bid? Neem tyd en doen dit nou.

Skrifgedeelte waaruit, of saak waaroor die Here spesifiek met my gepraat het:

……

Sake waaroor ek weer wil en moet bid:

……

……

Lees 1 Timoteus 2:1-6a. Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee landbouleiers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee boere en twee plaaswerkers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

1. …… 2. ……

Kleingroepbyeenkoms

Berei deel twee voor vir julle volgende kleingroepbyeenkoms:
Hou die byeenkoms aan die hand van die riglyne op bladsy 12.

DEEL 3

HOE VERSTAAN EN HANTEER ONS DIE PYN EN LYDING WAT MET GRONDHERVORMING GEPAARD GAAN?

As ons die hele grondaangeleentheid op 'n Bybelsverantwoordbare manier wil hanteer, is dit nie voldoende nie om net na Skrifgedeeltes te kyk wat spesifiek oor grond en die besit daarvan handel. **Grondhervorming is nie net 'n emosionele saak nie. Dis ook 'n pynlike saak.** Die pyn en seer verskil egter van groep tot groep en van mens tot mens. Daarom is dit noodsaaklik dat Christene ook sal nadink oor wat God in sy Woord oor lyding en swaarkry sê en dienooreenkomstig sal bid.



Meestal word **óf God, óf Satan, óf die mens** uitgesonder as die een wat lyding en swaarkry oor ons bring. Wie egter die Bybel noukeurig lees, sal agterkom dat daar sekere tekste is wat elkeen van die drie partye uitsonder as die een wat lyding oor die mens bring. In elke lydingsituasie moet jy dus weet dat **God én Satan én die mens** 'n rol speel, maar elkeen speel dié rol **in ooreenstemming met sy aard en karakter.**

Selfs in sy betrokkenheid by ons lyding, bly God steeds almagtig, heilig, barmhartig, liefdevol en goed *(vergelyk Eksodus 34:5-7a en 1 Petrus 1:16).* Daarteenoor is Satan steeds die bedrieër, leuenaar, moordenaar en verwoester van alles wat mooi en goed is *(Johannes 8:44 en 1 Petrus 5:8).*

Wanneer 'n dokter my borskas oopsny om my te opereer, is dit baie pynlik. So ook wanneer 'n straatboef my met 'n mes aanval. Tog is daar 'n groot verskil, want elkeen tree op in ooreenstemming met wie hy is. Die dokter wil my help en gesond maak. Hy begeer 'n nuwe en beter lewe vir my. Die straatboef wil my kwaad aandoen en seermaak - moontlik doodmaak.

Daarom is dit baie belangrik om te onthou dat agter die pyn en lyding wat grondhervorming veroorsaak, **nie óf** God, **óf** Satan, **óf** die mens staan **nie, maar** God **én** Satan **én** die mens! Elkeen is egter betrokke **in ooreenstemming met wie hy is, sy eie aard en karakter!** Kom ons kyk gedurende hierdie week na elkeen se betrokkenheid by grondhervorming.

Maandag - 13 September 2004

LEES: Psalm 119:75b

Die Psalmdigter het 'n wonderlike ontdekking gemaak. Hy het ontdek dat God se betrokkenheid by hulle pyn en lyding nie beteken dat Hy in 'n wrede monster of 'n liefdelose en onbetroubare God verander het nie. *Dat U my laat swaarkry, is 'n teken van u trou*, sing die psalmdigter. **Onthou, God is nie net getrou as Hy in antwoord op jou gebede alle pyn en lyding van jou wegneem nie.** Dat Hy jou laat swaarkry, is óók 'n teken van sy trou. Hy los jou nie. In jou lyding is Hy met jou besig. Hy vorm en bou jou karakter *(Hebreërs 12:7-11).* Hy louter en toets die egtheid van jou geloof *(1 Petrus 1:6-7).* Hy leer jou om Hom op 'n nuwe manier te ken *(Job 42:1-6).* Jy kan dus van een ding seker wees: **God verander nooit!** Hy is barmhartig, genadig, lankmoedig en geduldig. Hy is almagtig, heilig, regverdig en baie goed. Aan sy liefde en trou is daar geen einde nie. Daarom kan jy ook met jou pyn en frustrasie oor grondhervorming na Hom toe gaan. Hy luister na die smeekgebede van sy kinders en ontferm Hom graag oor hulle. **Maar onthou, God is nie net getrou as Hy sorg dat jy jou grond behou, of as Hy sorg dat jy ook grond kry nie.** Hy is getrou omdat Hy God is! Hy kan niks anders wees nie!

GEBED: Here God, ons aanbid U as die almagtige en onveranderlike God. Dankie dat ons swaarkry nie beteken dat U van karakter verander het of ons nie meer liefhet nie. Vergewe ons dat ons dikwels, wanneer ons swaarkry, U beskuldig asof U lelik met ons is - onbetroubaar en onregverdig. Laat ons nie in die versoeking kom om vir U kwaad te raak en in ons lyding ons rug op U te draai nie. Vader, hoor asseblief die smeekgebede van u kinders; van hulle wat bang is dat hulle dalk hulle grond sal moet prysgee, asook van hulle wat smag na 'n eie stukkie grond. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid dat mense met hulle vrese, pyn en frustrasies oor grond in die eerste plek na God sal gaan. Bid dat God sy doel met elkeen van hulle sal bereik.
* Bid dat God in sy groot ontferming 'n nuwe toekoms sal gee vir almal wat hulle grond verloor het - nou, maar ook vroeër; hier in Suid-Afrika, maar ook in Zimbabwe en elders in Afrika.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: *AMOS* bied gereeld **seminare** op verskillende plekke in die land aan. Die primêre teikengroep tydens dié seminare is landbouwerkgewers en hulle vrouens, asook geestelike leiers op die platteland. Bid dat die Here sal voortgaan om mense se lewens tydens dié seminare op 'n besondere manier aan te raak. Bid vir die werk van *AMOS* in **Mpumalanga.**

Dinsdag - 14 September 2004

LEES: Klaagliedere 3:31-42

God is liefde. Hy is regverdig, goed, almagtig, vol ontferming en medelye. Hy soek altyd die heil en verlossing van die mens. Wanneer Hy by jou lyding betrokke is, kan Hy op geen ander manier betrokke wees nie as in ooreenstemming met sy onveranderlike karakter. Op grond van Klaagliedere 3:32 kan ons sê dat lyding God se teensinnige wil is. God kry nooit lekker as iemand pyn en lyding verduur nie. Wanneer Hy lyding en swaarkry stuur, is dit altyd met 'n traan in sy oog, 'n klaaglied in sy hart *(Jeremia 9:10; 13:17 en 31:20, asook Hosea 11:8-9).* Swaarkry is nie die manier waarop God sy kinders *terugkry* nie. Dit kan wel die manier wees waarop Hy hulle *terug-roep.*

GEBED: Here, ons aanbid U as die God van liefde en ontferming. Dankie dat U omgee. Dankie dat U ook emosies het en daarom ons emosies so goed verstaan. Vergewe ons dat ons, wanneer ons sukkel en swaarkry, so maklik dink dat U gevoelloos, koud en afsydig is en nie omgee wat van ons word nie. Dankie dat ons nou weet dat dit nooit vir U lekker is om lyding oor u kinders te bring nie. Laat meer en meer mense besef dat U hulle deur u groot goedheid tot bekering wil lei. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid dat die Here Hom oor Zimbabwe sal ontferm!
* Bid vir plaasveiligheid, die SAPD, buurt- en plaaswagstelsels, kommando's en alle ander rolspelers. Bid vir alle slagoffers van plaasaanvalle en geweld.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid vir die effektiewe **bemarking** van *AMOS* se dienste en produkte. Bid dat die *Amossie* wyd gelees sal word. Bid ook vir die opgradering van ons tuisblad, radio-uitsendings asook berigte in die media. Bid dat meer en meer mense by *AMOS* betrokke sal raak.

Woensdag - 15 September 2004

LEES: Amos 4:6-12 en 2 Kronieke 7:13-14

God se betrokkenheid by lyding is altyd ***'n oproep tot bekering of tot die terugkeer van hulle wat Hom verlaat het.*** In Amos 4:6-12 lees ons byvoorbeeld van hongersnood, droogte, misoeste, pessiektes, oorloë en aardbewings. 'n Mens is geneig om te dink dis maar die gewone natuurlike verloop van sake in 'n landstreek soos Israel (en Suider-Afrika), maar Amos verwys hierna en sê duidelik dat dit nie maar net droog was nie, maar dat ***die Here*** nie reën gegee het nie, ensovoorts. Die natuurrampe was God se stem, daardeur het Hy Israel tot bekering geroep. Vyf keer staan daar: ***"... en tog het julle julle nie tot My bekeer nie, sê die Here."*** Lyding is dus nooit God se finale wil nie, maar sy semifinale wil. God se finale wil is altyd my en jou heil en redding. Hy begeer die heel beste vir ons. *(Lees gerus Esegiël 33:11; Hebreërs 12:10; Openbaring 2:19-23 en 9:20-21.)* Maar as mense nie luister en hulle nie bekeer nie, dan moet hulle voel! Die grootste fout wat ons kan maak, is om te dink dat God niks te doen het met die gebeure in Zimbabwe en die plaasmoorde, droogtes en ander rampe (soos MIV/vigs) in Suider-Afrika nie. God is nie 'n onbetrokke toeskouer in die dinge wat om ons gebeur nie. In en deur dié dinge praat Hy met ons. Hy roep en pleit dat ons almal, wit, swart en bruin, ons sonde sal bely en laat staan, en in volkome gehoorsaamheid aan Hom sal leef.

GEBED: Here ons God, ons kom bely met diepe berou al ons sonde. Ons bely dat onsedelikheid, dronkenskap, afgodery en toordery, voorvaderaanbidding en die oproep van geeste, materialisme en rassisme, uitbuiting van armes, asook luiheid en werkskuheid, deel van ons samelewing geword het. Ons bely ons geldgierigheid en ons talle pogings om oornag miljoenêrs te word. Here, u hand rus swaar op ons. Niemand is meer veilig op ons plase, paaie, dorpe en stede nie. Moord en roof en bedrog is aan die orde van die dag. Vergewe asseblief ons matelose sonde! Gees van God, ons pleit dat U, veral in ons landelike en boerderygemeenskap, mense van sonde sal oortuig en hulle tot bekering sal bring. Ons bid dat U aan ons 'n onverdeelde hart en 'n vaste koers sal gee. Gee ons 'n begeerte om U te dien en nie van U af weg te draai nie *(vergelyk Jeremia 32:39-40).* Laat ons heilig lewe, want U is heilig *(1 Petrus 1:16).* Amen

GEBEDSAKE:

* Bid vir die redding en geestelike groei van boere, arbeiders, plaaskinders; mans, vroue, seuns en dogters.

* Bid vir Christelike kerke op die platteland, veral vir dié wat nie meer 'n brandende begeerte en 'n doelgerigte plan het om die Evangelie aan ander te verkondig nie.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Een van *AMOS* se hooffunksies is **onderrig en opleiding.** Bid dat die Here die bykans 1 000 leerders wat tans in opleiding is, ryklik sal seën en dat die Woord in hulle lewe 'n wesenlike verskil sal maak. Bid dat hulle lewende getuies sal wees en van die mense rondom hulle dissipels van Christus sal maak. Bid vir die werk van *AMOS* in **Limpopo.**

Donderdag - 16 September 2004

LEES: Job 1:12 en 2:6

God is in sy almag betrokke in ons lyding. In sy almag heers Hy oor en beperk Hy ons lyding. Hy stel perke aan die omvang en die tydsduur daarvan. Die Bybel is vol voorbeelde. Sonder God se toestemming kon die duiwel niks aan Job doen nie *(Job 1:12 en 2:6).* Al het Saul vir tien jaar probeer om Dawid dood te maak, kon hy dit nie regkry nie, want God het Dawid beskerm *(1 Samuel 23:14).* God bepaal ook die tydsduur van die lyding van sy kinders - Satan kan nie permanent doen wat hy wil nie *(Openbaring 2:10).* Al beleef ons soms dat dinge hand uit ruk, is alles steeds binne God se hand en onder sy beheer. Selfs sonder grond kan Hy vir jou sorg, soos vir die Israeliete in die woestyn. Hy is nie afhanklik van gunstige omstandighede of die besluite van mense nie. Hy verander omstandig-hede *(2 Korintiërs 1:8-10)* en Hy bepaal die besluite van mense *(Spreuke 21:1 en 29:26)!* In sy almag laat Hy ook alles vir sy kinders **ten goede meewerk** *(Romeine 8:28).* Nóg die duiwel, nóg mense het die laaste sê oor jou toekoms. Grondhervorming is in God se hand - selfs in Zimbabwe!

GEBED: Here, dankie dat ons nie uitgelewer is aan die noodlot, die bose, die besluite van mense of die beleide van regerings nie. Dankie dat U omstandighede kan verander en mense se besluite bepaal. Dankie dat U oor alles en almal heers en regeer! Vader, ons pleit by U: Wil U

in u almag gee dat grondhervorming in Suid-Afrika só geïmplementeer en deurgevoer sal word dat dit tot eer van u Naam en tot voordeel van ons hele land sal wees. Amen

GEBEDSAKE:

* 'n Groot deel van die landelike en boerderygemeenskap het nie genoeg verantwoordelike en betroubare leiers nie. Bid vir die opleiding en ontwikkeling van Godvresende leiers op elke plaas en in elke gemeenskap.
* Bid vir natuurbewaring en die groot rol wat boere en plaaswerkers in dié verband speel. Bid ook vir alle beleidmakers en natuurbewarings-owerhede.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Die drie voertuie waaroor *AMOS* tans beskik, is reeds baie oud. Dieselfde geld vir die personeel se privaat voertuie. Een van ons personeel besit glad nie 'n voertuig nie, en met die verhuising na Bloemfontein is dit nou noodsaaklik dat sy wel een sal aanskaf. Bid asseblief dat die Here op sy unieke manier in ons **voertuigbehoeftes** sal voorsien. Bid vir die werk van *AMOS* in **Gauteng.**

Vrydag - 17 September 2004

LEES: Johannes 8:44 en Matteus 4:1-3

Aan die begin het ek gesê dat **God én Satan én die mens** by elke lydingsituasie betrokke is; **elkeen in ooreenstemming met sy eie aard en karakter.** Volgens Johannes 8 en Matteus 4 is die duiwel 'n **leuenaar,** 'n **moordenaar** en 'n **versoeker.** Tipies van hom, is hy nie tevrede dat mense ly en swaarkry nie; hy wil hê dat hulle in hulle lyding teen God moet sondig *(lees die raad wat hy deur Job se vrou aan hom gegee het - Job 2:9).* Hy wil ook hulle pyn en lyding steeds erger maak. Ja, hy wil mense se lewe verwoes en hulle doodmaak *(vergelyk ook 1 Petrus 5:8).* Daarom omskep hy alle lyding in 'n versoeking. Wanneer die honger-pyne, na 40 dae sonder kos, aan Jesus knaag, versoek hy Hom met brood *(Matteus 4:1-3).* As leuenaar bied hy allerhande vals en verkeerde oplossings vir probleme aan; maar alles is net dinge wat die probleem vererger. Met die sogenaamde oplossings wat hy aanbied, wil hy grondhervorming laat misluk. Hy wil konflik skep en die land in chaos, ellende en hongersnood dompel. Die oplossing wat hy vir Isebel gegee het oor hoe om Nabot se wingerd in die hande te kry, was toe geen oplossing nie. Vir Isebel het hy versoek om haar mag te misbruik. Die twee ge-wetenlose manne het hy

gebruik om leuens te versprei. Moordlustiges het hy gebruik om klippe te gooi. So het die duiwel nie net die lewe van Nabot, Agab en Isebel verwoes nie, maar ook Agab se familie en die hele koningshuis *(1 Konings 21:20-24).* Die rol van Satan in die gebeure in Zimbabwe is duidelik, en hy begeer dieselfde vir die hele Afrika. Ons sal moet wakker loop, daar is 'n honderd en tien maniere waarop die duiwel probeer om grondhervorming in chaos te laat eindig.

GEBED: Here, ons pleit by U, bewaar en beskerm ons teen die listige aanslae van die Bose. Open ons oë en gee aan ons leiers die vermoë om die verkeerde planne en vals oplossings van die duiwel vroegtydig te identifiseer. Gee dat niemand aan sy versoekings sal toegee en sy medewerker sal word om konflik, hongersnood, inflasie en chaos aan te help nie. Ons pleit Vader, vernietig in u almag sy bose planne. Gee dat ons en ons leiers u raad en u planne sal volg. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid dat die Here besondere wysheid *(soos beskryf in Jakobus 3:13-18)* aan al sy kinders wat by grondhervorming betrokke is, sal gee.
* Bid vir die minister van landbou en grondsake, asook die verskillende LUR'e.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: *AMOS* is op verskillende maniere by grondhervorming betrokke. Bid dat ons, 'n veelrassige organisasie, **objektief sal bly** en nie sal kant kies tussen verskillende groepe nie, aangesien daar Christene en *AMOS*-lede in al die verskillende groepe is. Bid dat ons sal **weet watter rol** ons behoort te speel, aangesien dit eintlik meer oor mense as oor grond gaan. Bid vir *AMOS* se werk in **Botswana.**

Saterdag - 18 September 2004

LEES: Job 1:6-11 en 2:3-4, asook Openbaring 12:10

Die duiwel is ook 'n beskuldiger by uitnemendheid. Aan die begin het hy gedurig die mense by God aangekla, en nadat hy deur Christus uit die hemel gegooi is, het hy sy bose werk op aarde kom voortsit. As **aanklaer en be-skuldiger** gebruik hy graag mense se wysvingers om ander te blameer vir alles wat verkeerd is en die skuld op hulle te pak. In ons land is dit so

maklik om die skuld vir alles óf op die wit mense óf op die swart mense te pak. Óf die huidige regering óf die vroeëre apartheidsregering word die sondebok gemaak. As ons oplossings vir ingewikkelde vraagstukke soos grondhervorming wil kry, sal elkeen moet leer om hand in eie boesem te steek. Kom ons aanvaar almal saam verantwoordelikheid; nie net vir die suksesstories nie, maar ook vir die talle mislukte projekte. Om ander te beskuldig, lewer nog geen oplossing nie. Inteendeel, dit bring net verwydering en groter spanning. Dit skep meer en meer agterdog.

GEBED: Here, vergewe my dat ek meestal so gewillig my vinger vir die duiwel aanbied om ander mee te beskuldig. Vergewe my dat ek so maklik die splinter in 'n ander se oog raaksien, maar salig onbewus is van die balk in my eie oog. Here, help ons om in hierdie land op te hou om mekaar te beskuldig. Help ons om saam te werk aan mooi en blywende oplossings. Gee asseblief vir ons geduld met mekaar se swakhede.

GEBEDSAKE:

* Bid vir goeie kommunikasie op alle vlakke, asook goeie arbeidsverhoudinge. Bid vir vakbonde wat in die landbou bedrywig is.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid dat die Here ons sal toerus om 'n wesenlike bydrae te lewer om **versoening** in die landelike en boerderygemeenskap te bevorder. Bid ook vir die bydrae wat *AMOS* in die **bemagtiging** van bestaande en opkomende boere moet lewer ten einde grondhervorming te laat slaag.

Sondag - 19 September 2004

Word stil voor die Here. Blaai terug en kyk weer na die sake waaroor ons hierdie week gebid het. Hoe het die Heilige Gees jou persoonlik aangespreek? Watter gebedsaak het Hy swaar op jou hart gelê? Hoe wil Hy jou lewe verander? Vir wie, of waaroor wil Hy hê moet jy weer bid? Neem tyd en doen dit nou.

Skrifgedeelte waaruit, of saak waaroor die Here spesifiek met my gepraat het:

.....

Sake waaroor ek weer wil en moet bid:

……

……

Lees 1 Timoteus 2:1-6a. Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee landbouleiers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee boere en twee plaaswerkers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

1. …… 2. ……

Maandag - 20 September 2004

LEES: Galasiërs 5:16-26 en Jakobus 3:13-18

God is nét goed, barmhartig, regverdig en heilig. Só is Hy ook betrokke by ons lyding. Die duiwel is altyd 'n leuenaar, moordenaar, verwoester, verleier en beskuldiger. Op hierdie manier is hy ook in ons lyding betrokke. Die mens kan óf deur sy sondige natuur óf deur die Gees van God beheer word. Indien hy hom deur sy sondige natuur laat beheer en alles doen waartoe die Bose hom verlei, bring hy baie lyding en ellende oor homself, die gemeenskap en selfs die natuur. *(Lees Genesis 3:17 en Psalm 107:33-34.)* Indien hy egter 'n nuwe mens is *(2 Korintiërs 5:17)* en hom deur die Gees laat lei, het hy 'n genesende invloed op hierdie stukkende wêreld. In lyding kan die mens dus, soos God, steeds barmhartig en goed, heilig en regverdig optree, óf hy kan saam met die duiwel belieg, belaster en verwoes.

GEBED: Here, laat ons asseblief deur u Gees gelei en beheer word wanneer ons by grondhervorming betrokke raak. Laat u goeie Gees ons leer wat ons moet doen. Bewaar ons van die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid om die kragtige werking van die Gees van Christus in die landelike en boerderygemeenskap.
* Ons beleef tans 'n moraliteitskrisis in Suid-Afrika en in Afrika. Bid vir die aanvaarding van Bybelse waardes en norme, asook morele herstel in die landelike en boerderygemeenskap.
* Bid vir al die lande in Afrika wat steeds deur burgeroorloë en faksiegevegte geteister word. Bid om vrede en versoening, asook goeie regering.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid dat *AMOS* se **personeel, visiedraers en dosente onder beheer van die Gees sal lewe** en in elke opsig 'n voorbeeld stel wat deur ander nagevolg kan word. Bid dat die Here ons sal bewaar teen elke aanslag wat daarop gerig is om die werk te ondermyn.

Die hantering van lyding wat met grondhervorming gepaard gaan!



Dis belangrik om te onthou dat agter ons lyding **nie** God **óf** Satan **óf** die mens **nie, maar** God **én** Satan **én** die mens staan - elkeen is betrokke, **in ooreenstemming met sy eie aard en karakter!** Net soos die Bybel 'n meervoudige (drievoudige) perspektief op lyding en swaarkry gee, gee dit ook 'n meervoudige antwoord op die vraag hoe ons op lyding moet reageer en dit hanteer. Jy **moenie kies** of jy jou lyding gaan gebruik **óf** bestry **óf** aanvaar nie. Jy moet alle lyding altyd **gelyktydig** gebruik **én** bestry **én** aanvaar.

Dinsdag - 21 September 2004

LEES: Hebreërs 12:4-12 en Romeine 8:28

God is in sy liefde betrokke in ons lyding. Vir die Christen verloor lyding sy vergeldingskarakter *(om terug te kry, te laat boet)* juis omdat Jesus Christus ál die straf op ons sonde gedra het. In sy liefde en almag laat God alle lyding vir sy kinders ten goede meewerk en voed Hy hulle op tot 'n heilige lewe, geloofsgehoorsaamheid en geestelike volwassenheid. Vir die Christen is lyding dus opvoeding *(vergelyk Hebreërs 12:4-7a).* Omdat God belowe dat Hy selfs ons lyding en swaarkry vir ons ten goede laat meewerk *(Romeine 8:28)* en omdat Hy ons tug tot ons beswil *(Hebreërs 12:4-*

13), moet ons elke pyn-verleentheid ***gebruik*** as 'n groei-geleentheid. Ook wat grondhervorming betref, kan jy in biddende afhanklikheid van God jou pyn-verleentheid ***gebruik*** en in 'n groei-geleentheid omskep. Jy kan moontlik leer om meer effektief op minder grond te boer. Jy kan leer om in groter gehoorsaamheid aan die Vader te lewe *(Psalm 119:67 en 71).* Jy kan leer hoe om nuut en kreatief te dink en nuwe uitdagings aan te pak *(vergelyk Galasiërs 4:13).* Jy kan God se sorg op 'n nuwe manier leer ken. Jy kan ontdek hoe bly en gelukkig dit jou maak om mense te bemagtig en selfs van jou grond met hulle te deel *(vergelyk Jesus se woorde in Handelinge 20:35b en Handelinge 4:32-37).* Jy wat nog wag vir grond, kan ook geduld leer, en dié wagtyd gebruik om nuwe vaardighede aan te leer. Die groei-geleenthede in elke pyn-verleentheid is onbeperk, só ook die groei-geleenthede in grondhervorming.

GEBED: Dankie Vader dat U belowe om ook die pyn van grondhervorming vir u kinders ten goede te laat meewerk. Here, in plaas daarvan om net te sit en kla en die probleem steeds groter te maak, help ons om die groei-geleenthede in grondhervorming raak te sien en aan te gryp. Vader, laat ook ek U in hierdie tyd op 'n nuwe en intiemer manier leer ken. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid dat meer en meer mense die positiewe geleenthede in grondhervorming sal raaksien en hulle energie sal gebruik om dit te benut.
* Bid dat mededeelsaamheid weer dié kenmerk van Christene sal wees, soos in die eerste eeu na Christus.
* Bid vir landbouskole en kolleges, asook plaasskole. Bid vir kwaliteit onderrig en opleiding sodat jongmense regtig voorbereid sal wees vir hulle taak en verantwoordelikheid in 'n nuwe landboubedeling.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid dat *AMOS* 'n effektiewe rol sal speel om **opkomende boere** goeie rolmodelle te maak; mense wat leef en boer in ooreenstemming met Bybelse waardes en norme. Bid vir die werk van *AMOS* in die **Vrystaat.**

Woensdag - 22 September 2004

LEES: Romeine 12:19-21

Vanweë Satan en die sondige mens se betrokkenheid by lyding en swaarkry, moet alle sondige uitwasse in die grondhervormingsproses met die opstandingskrag van Christus ***bestry*** word. Alle pogings om een stuk onreg met 'n ander vorm van onreg reg te stel, móét bestry word. Daar moet voortdurend gestry word teen elke vorm van gierigheid, die misbruik van mag, die uitbuiting van mense, die skepping van onrealistiese verwagtings, die bevoordeling van familie en vriende ten koste van ander, en alle ander vorme van korrupsie. Oplossings wat tot hongersnood en bloedvergieting kan lei, moet van die hand gewys word. Geen ruimte moet vir wraak en vergelding gelaat word nie *(Romeine 12:19-21).* Een van die belangrikste maniere om teen al hierdie goed te stry, is met die **wapen van gebed.** Daarom moet ons gebede permanent teen al dié dinge gerig wees.

GEBED: Here, vernietig asseblief elke bose plan en strategie van Satan om die grondhervormingsproses te beduiwel. Leer ons hoe om die wapen van gebed effektief teen die planne van die duiwel te gebruik. Bewaar u kinders van die versoeking om onsself ook aan al hierdie dinge skuldig te maak. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid vir miljoene in die landelike en boerderygemeenskap in Suid-Afrika en Afrika wat vanweë laaggeletterdheid, gebrekkige opleiding en talle bygelowe, baie maklik deur ander geïntimideer en gemanipuleer word. Bid veral teen politieke intimidasie en die vrees om getoor te word.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid dat die Here dit baie swaar op al hoe meer mense se harte sal lê om vir *AMOS* te bid. Bid dat ons hele **gebedsbediening** baie meer effektief beplan, befonds en bestuur sal word. Bid vir die werk van *AMOS* in **Noord-Wes.**

Donderdag - 23 September 2004

LEES: Spreuke 13:4, 10-11, 13, 18, 20 en 22

Dis goed en reg om vir mense wat voorheen nie die geleentheid gehad

het nie, die geleentheid te gee om grond te besit. Daar is egter altyd 'n baie groot gevaar waarteen die Bybel ons waarsku: *Rykdom wat sommerso ge-kom het, verminder maklik; wie bietjie vir bietjie bymekaar maak, word ryk (vers 11).* Mense wat oornag grond, aanvangskapitaal *(sonder die verpligting van rente en kapitaal-terugbetalings)* en geleenthede kry, is dikwels nie toegerus om dit met verantwoordelikheid te hanteer nie. Die nuwe welvaart kan lei tot selfverheffing en koppigheid, asook 'n onwilligheid om na goeie raad te luister. Dikwels begin mense wat oornag ryk geword het, luilekker lewe, omdat die besittings nie bietjie vir bietjie deur harde werk bymekaargemaak is nie. Dan is daar ook nog die gevaar dat die kitsrykdom daartoe lei dat mense hulle nie aan die Here se Woord steur nie. Dit het baie slegte gevolge. Daarom is dit só belangrik om mense op te lei en toe te rus met al die nodige kennis en vaardighede voor daar grond en besittings in hulle hande geplaas word. Deur voorafgaande opleiding en die aanleer van basiese vaardighede *(ons gaan later daarby stilstaan)* kan baie van die negatiewe dinge in die huidige grondhervormingsproses bestry en uitgeskakel word.

GEBED: Vader, bewaar en beskerm almal wat deur grondhervorming bevoordeel word teen die gevare van rykdom wat sommerso gekom het. Doen asseblief dieselfde vir hulle wat baie geld en besittings erf. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid asseblief dat meer tyd en geld aan die opleiding van begunstigdes in die grondhervormingsproses spandeer sal word, alvorens grond en ander bates aan hulle toevertrou word.
* Bid dat die Here wyse mentors sal voorsien aan jong en opkomende boere sodat hulle self wys kan word en vooruit kan boer *(vers 20 en 22).*

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid dat die Here ook aan *AMOS* die **nodige geld en kundigheid** sal voorsien om meer kursusse vir plaaswerkers en opkomende boere te ontwikkel en aan te bied, sodat hulle Christus (beter) sal leer ken en die vaardighede sal bemeester om in ooreenstemming met sy Woord te leef en te boer. Bid vir die werk van *AMOS* in die **Noord-Kaap.**

Vrydag - 24 September 2004

LEES: Klaagliedere 3:21-33; Hebreërs 10:32-36 en Openbaring 21:4-5

God is 'n God van ontferming. In Openbaring 21 lees ons dat lyding se dae getel is. Lyding sal nie vir altyd 'n plek in hierdie wêreld hê nie. God gaan alles nuut maak! Daarom kan en moet Christene bly ***hoop,*** te midde van swaarkry. Of jy as Christen hier en nou grond kry óf verloor, is nie van deurslaggewende belang nie, dis nie só belangrik nie. Wat wel belangrik is, is om seker te maak dat jy gered is, want Christene kan seker wees dat hulle die nuwe hemel en die nuwe aarde gaan beërwe *(Hebreërs 10:32-36, veral vers 34).* Om sonder grond te wees, beteken nie dat God nie vir jou kan sorg nie. Waar God teenwoordig is, bv. in die woestyn, het sy volk nie vergaan nie, selfs al het hulle nie landbougrond gehad nie. Dit geld vandag nog! God sorg vir sy kinders, of hulle nou grond en huise besit, of nie *(vergelyk Psalm 37:16-22).* Wees daarom geduldig. Al kan ons nie 'n einde maak aan alle pyn en lyding nie, God kan en Hy sal! Daar is hoop!

GEBED: Here, help ons om meer besorg te wees oor ons ewige erfenis as oor die grond en goed wat ons hier op aarde vir 'n tydjie besit. As ons ons grond verloor, of nooit die geleentheid kry om grond te besit nie, help ons om nie verbitterd te word nie, maar ons hoop volkome te vestig op dié dag wanneer U alle trane van ons oë sal afvee en 'n einde aan alle swaarkry sal bring. Laat ons Christene te midde van ons pyn en seer, altyd met groot verwagting uitsien na dié dag waarop Christus weer gaan kom en alles gaan nuut maak; dié dag waarop ons alles gaan ontvang wat U belowe het en saam met Christus oor die aarde gaan heers. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid dat die landelike en boerderygemeenskap met groot geduld sal bly hoop op God.
* Bid om 'n lewende verwagting dat God wonders sal doen en grondhervorming in Suid-Afrika en Afrika sal laat slaag.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid dat *AMOS,* wat ook al die omstandighede in die land, **'n draer en verkondiger van hoop** sal wees omdat God die bron van alle hoop is *(Romeine 15:13. Lees ook vers 5)!* Bid vir die werk van *AMOS* in die **Wes-Kaap.**

Saterdag - 25 September 2004

LEES: Psalm 119:1-8

Kom ons vat saam wat ons hierdie week geleer en waaroor ons gebid het. In die Bybel leer ons dat ons altyd ons lyding op drie maniere moet hanteer. Daarom moet ons nie kies of ons die pyn en lyding wat saam met die grondhervormingsproses kom, gaan gebruik, óf aanvaar, óf dit gaan bestry nie. As Christene moet ons dit **gelyktydig gebruik, én bestry én aanvaar! Wanneer ons geleer het om lyding te gebruik én te aanvaar, sal dit voorkom dat ons bestryding van lyding in verbittering en weerwraak ontaard. Net so voorkom die gebruik en bestryding van lyding weer dat ons aanvaarding daarvan in passiwiteit (niksdoen) ontaard.** Daar is baie blankes wat sê dat die status quo aanvaar moet word. Volgens hulle hoef die situasie nie te verander nie, want die blankes produseer genoeg kos. Hulle pleit dus vir aanvaarding ten koste van bestryding. Swart mense daarteenoor beklemtoon weer die bestryding van die huidige bestel, sonder om altyd die nodige ruimte vir aanvaarding te laat. **Die huidige situasie moet vanuit Bybelse perspektief bestry én aanvaar word, en bo alles gebruik word om 'n beter toekoms vir almal te skep.** Dit vra doelbewuste, maar gekontroleerde en goed bestuurde verandering oor 'n lang tydperk.

GEBED: Here, leer ons en al ons leiers om volgens u Woord te lewe, sodat ons nooit raadop sal wees nie. Gee dat u Woord vir ons kosbaarder as goud *(en grond)* en soeter as heuning sal wees *(Psalm 119:103 en 127).* Amen

GEBEDSAKE:

* Bid asseblief vir geestelike leiers in die landelike en boerderygemeenskap. Bid dat hulle nie net vir mense sal preek nie, maar dat hulle diegene wat die Here onder hulle sorg geplaas het, sal leer om lyding, swaarkry en konflik op 'n Bybelse manier te hanteer.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Een van *AMOS* se doelstellings is om **professionele hulp en ondersteuning aan Christelike kerke op die platteland** te gee. Dank die Here vir die mooi verhouding tussen *AMOS* en verskillende kerke en gemeentes. Bid dat Hy dié verhouding sal seën en dit steeds sal laat groei sodat ons altyd effektief sal saamwerk in belang van sy Koninkryk. Bid vir die werk van *AMOS* in die **Oos-Kaap.**

Sondag - 26 September 2004

Word stil voor die Here. Blaai terug en kyk weer na die sake waaroor ons hierdie week gebid het. Hoe het die Heilige Gees jou persoonlik aangespreek, of watter gebedsaak het Hy swaar op jou hart gelê? Hoe wil Hy jou lewe verander? Vir wie, of waaroor wil Hy hê moet jy weer bid? Neem tyd en doen dit nou.

Skrifgedeelte waaruit, of saak waaroor die Here spesifiek met my gepraat het:

……

Sake waaroor ek weer wil en moet bid:

……

……

Lees 1 Timoteus 2:1-6a. Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee landbouleiers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee boere en twee plaaswerkers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

1. …… 2. ……

Kleingroepbyeenkoms

Berei deel drie voor vir julle volgende kleingroepbyeenkoms.
Hou die byeenkoms aan die hand van die riglyne op bladsy 12.

DEEL 4

DIE BEMAGTIGING VAN OPKOMENDE KOMMERSIËLE BOERE

Ek is van mening dat die suksesvolste manier om kommersiële boere uit die tradisioneel agtergeblewe gemeenskap te vestig, moet aansluit by die manier waarop **kommersiële boere in die verlede hulle eie kinders** suksesvol in die landbou gevestig het. Oor 'n **lang periode** het ouers eers sekere **waardes en norme, basiese vaardighede, praktiese kennis** en daarna **al meer verantwoordelikhede** aan hulle kinders oorgedra. Die geleentheid om **grond** te besit en 'n **eie onderneming** te hê, was altyd die laaste fase in die proses en nie die eerste nie. In hierdie oordragproses was praktiese kennis en grond nié die deurslaggewende faktore nie. Daarom is selfs kinders wat baie erf, nie altyd suksesvol nie. Ander weer, wat min erf, is dikwels in staat om die bietjie wat hulle wel kry, tot 'n groot suksesvolle onderneming uit te bou. Die suksesvolle oordrag van **waardes en norme (lewenskunde),** asook **basiese vaardighede** was nog altyd **van deurslaggewende belang.** Een van die redes waarom talle vestigingsprogramme nie slaag nie, is na my mening omdat die hele proses omgekeer word. Daar word eers grond, kapitaal en 'n onderneming ('n besigheid) gegee; daarna of daarmee saam sekere lewensvaardighede en praktiese kennis. **Die oordrag van waardes en norme, en veral basiese vaardighede ontbreek meestal byna geheel en al. Dit is presies hier waar *AMOS,* die kerk en ander Christelike organisasies 'n wesenlike bydrae kan lewer.**

Daar is 'n groter nood as dié aan grond. Daar bestaan 'n magteloosheid wat roep om bemagtiging! Mense moet met **basiese vaardighede bemagtig** word. Basiese vaardighede is dié **vaardighede wat onderliggend is (=root)** aan alle ander vaardighede: hetsy handvaardighede, lewensvaardighede, boerderyvaardighede of beroepsvaardighede. Die wortel van 'n plant is onder die grond. Dit is nie met die eerste oogopslag sigbaar nie, maar dit anker en voed die plant. Dit maak dat die plant sy "roeping kan vervul" en vrug dra. Dit is presies wat met ***root skills*** bedoel word. ***Root skills*** stel iemand in staat om vaardighede tot eer van God en tot voordeel van homself én ander mense te gebruik. Sonder ***root skills*** het beroeps- en lewensvaardighede ***(life skills)*** nie veel waarde vir 'n persoon nie. Basiese vaardighede word meestal informeel en onbewustelik oor 'n lang periode aangeleer en bemeester, maar kan ook formeel en bewustelik aangeleer word. Die bemagtiging met ***root skills*** het ten doel om mense van die begin af aktief by die ontwikkelingsproses te betrek en hulle afhanklikheid geleidelik minder te maak.

Bykans dertig ***root skills*** is reeds geïdentifiseer. Dit sluit onder andere die volgende vaardighede in, naamlik om:

* ***self behoeftes te identifiseer en vooruit*** te kan ***dink*** en ***beplan*** hoe om dié behoeftes aan te spreek *(om 'n visie, drome en ideale te hê en dit na te streef - Spreuke 4:25-26 en 21:5)*;
* sake ***krities te ontleed,*** alternatiewe teen mekaar ***op te weeg, keuses te maak*** en ***regte en goeie besluite te neem;***
* ***tyd*** sinvol te ***beplan*** en te benut;
* ***verantwoordelikheid*** vir jou eie lewe en situasie, asook die gevolge van jou keuses ***te aanvaar;***
* ***groepsdruk*** positief te verwerk en te benut, want suksesvolle mense word dikwels met agterdog bejeën *(selfhandhawing - want dikwels probeer die gemeenskap dié een wat uitstyg, aftrek)*;
* ***sukses en welvaart*** te kan hanteer *(Spreuke 13:11 - die gevaar bestaan ook dat die een wat in die grondhervormingsproses alles verniet kry, dit net so gou en so maklik weer gaan verloor)*;
  konflik te hanteer *(waar 'n gemeenskap ryk aan konflik is, sal hulle arm bly in die ontginning van hulle potensiaal om as gemeenskap te ontwikkel), en*
* eenvoudige ***ekonomiese beginsels*** te verstaan en effektief te implementeer *(besigheidsintelligensie / finansiële kontrole en verslag)*; ensovoorts.

Samevattend kan gesê word:

Meeste grondhervormingsprojekte tot op hede het soos volg verloop:
Grond ≡ Geleenthede ≡ Boerderyvaardighede ≡ Basiese vaardighede
(Baie projekte het misluk lank voordat daar by basiese vaardighede uitgekom is.)

Ek pleit vir 'n proses wat soos volg verloop:
Basiese vaardighede ≡ Boerderyvaardighede ≡ Geleenthede ≡ Grond

Die grafiek op bladsy 36 dui drie verskillende benaderings tot grondhervorming aan:



Lyn A: Volgens my waarneming is dit die benadering wat meestal gevolg word, maar onsuksesvol is. Hiervolgens moet soveel as moontlik grond so gou as moontlik oorgedra/gegee word. Opleiding volg later. *(Zimbabwe het die benadering probeer, en die gevolge is duidelik.)*

Lyn B: Daar is baie voorstanders van hierdie reguitlyn-benadering. Dis tog logies, sê hulle: As ons 30% grond in 12-13 jaar wil oordra, móét ons elke jaar 2½% oordra, anders gaan ons nie klaarkry nie! Dié benadering gaan bes moontlik ook nie werk nie.

Lyn C: Dié benadering beteken nie dat grondhervorming uitgestel word of dat daar voete gesleep word met die proses nie. Die proses word ***dadelik en doelgerig (30% teen 2016)*** aangepak, maar eerste dinge kry eerste aandag! Eers opleiding, dan grond! Baie tyd, kundigheid, geld en energie móét eers aan die identifisering en/of ontwikkeling van geskikte opleidingsmateriaal *(asook die identifisering van geskikte mentors en kandidate vir grond)* spandeer word; dan aan die opleiding van diegene wat die nuwe grondeienaars moet oplei; daarna aan die opleiding van die nuwe grondeienaars, ensovoorts. Hoe meer en beter opleiding vooraf gedoen is, hoe vinniger en suksesvoller kan grond later oorgedra word. Ek is oortuig daarvan dat hierdie pad die beste is en dat die eindresultaat meer permanent en volhoubaar gaan wees.

Kom ons bid in die komende week vir die opleiding van opkomende boere.

Maandag - 27 September 2004

LEES: Spreuke 1:7 en 29:18

Die slimste ding wat enige mens kan doen, is om die Here te dien! Daarom is dit so belangrik om opkomende boere in die eerste plek die geleentheid te gee om in die Woord van die Here onderrig te word en Christus persoonlik te leer ken. Al het die nuwe geslag boere wat ons graag wil vestig baie landboukundigheid en hoeveel vaardighede, is hulle tot ondergang gedoem as hulle nie ook goeie waardes en norme het nie. Enige land, gemeenskap, groep of span sonder waardes en norme gaan ten gronde.

GEBED: Here, skep deur u Gees in die harte van opkomende boere 'n honger en 'n dors wat groter is as dié na grond. Laat hulle daarna smag om U intiem en persoonlik te leer ken, u Woord te bestudeer, dit dag en nag te oordink en daarvolgens te lewe. Here, werk so in die lewe van hierdie boere dat hulle 'n pragtige voorbeeld en goeie rolmodelle vir die volgende geslag sal wees. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid vir die opleiding van die landelike en boerderygemeenskap aan die hand van verskillende kursusse, veral *AMOS* se kursus 1, naamlik *Grondwaarhede van die Woord*. Bid dat duisende deur hierdie kursus Christus as hulle Verlosser sal leer ken en insig in die Woord sal kry.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid vir die **SAQA-akkreditering** van *AMOS* en *AMOS*-kursusse, aangesien dit tot groot voordeel vir die landelike en boerderygemeenskap sal wees en die koste van opleiding vir dié gemeenskap meer bekostigbaar sal maak. Bid ook dat *AMOS* daarin sal slaag **om aan elke persoon in Afrika, wat deel van die landelike of boerderygemeenskap is, die geleentheid te bied om in 'n persoonlike verhouding met Christus te staan en volgens Bybelse waardes en norme te leef.** Dis immers ons missie! Bid vir die werk van *AMOS* in **KwaZulu Natal.**

Dinsdag - 28 September 2004

LEES: 2 Konings 2:3 en 2 Konings 3:11, asook 2 Timoteus 2:2

Almal het opleiding nodig. Elisa is deur die profeet Elia opgelei. Jesus het sy dissipels opgelei en Paulus beveel Timoteus om dit wat hy *(Paulus)* hom geleer het, weer aan ander te leer sodat húlle dit weer aan ander kan leer. Dis waaroor dit in dissipelskap gaan: die **oordra van kennis, vaardighede en 'n sekere lewenstyl.** Ouers moet dit vir hulle kinders leer, maar Christenboere moet ook aangemoedig en gehelp word om van hulle plaaswerkers en potensiële kommer-siële boere, dissipels te maak.

Nie net Bybelkennis en 'n Bybelse lewenstyl moet doelbewus oorgedra word nie, maar ook landboukennis en basiese vaardighede ***(root skills).*** Daarom behoort boere baie moeite te doen om hulle werkers doelbewus en doelgerig op te lei en te bemagtig. Hulle kan dit formeel of informeel doen. Hulle kan dit self doen of dit laat doen. Maar opleiding behoort 'n prioriteitsaak op elke plaas te wees. Opleiding is nie 'n mors van kosbare werktyd nie. Dit hou groot voordele in vir sowel die werkgewer as die werknemers!

GEBED: Vader, gee aan ons Christenboere die begeerte, die liefde en geduld, om baie tyd, geld en energie in die opleiding en bemagtiging van hulle personeel te steek. Seën asseblief alle opleidings- en bemagtigingsprogramme wat tans op plase en in die platteland gevolg word. Wil U ook self deur u Gees mense leer en bemagtig. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid vir elke NGO *(nie-regeringsorganisasie)* en kerk wat besig is om mense op te lei. Bid ook vir alle regeringsprojekte en privaat inisiatiewe.
* Bid dat 'n kultuur van opleiding en bemagtiging in die landbou en boerderygemeenskap gevestig sal word en die landbou hierin 'n voorbeeld vir die res van die sakewêreld sal wees.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: *AMOS* is deurlopend besig met **ontwikkeling** van nuwe kursusse, **hersiening** van ou kursusse en die **vertaling** van alle kursusse. Aangesien baie van ons leerders ongeletterd of baie laag geletterd is, stel dit besondere eise aan skrywers en vertalers. Bid asseblief vir hierdie hele proses asook vir **dr. Willem Wiid** onder wie se leiding dit alles staan. Bid vir die werk van *AMOS* in **Mpumalanga.**

Woensdag - 29 September 2004

LEES: Spreuke 13:18; 15:31-32; 19:2 en 20 asook 20:18

Enige persoon wat suksesvol in die lewe wil wees, móét bereid wees om geleer te word. Ongelukkig is almal nie bereid om geleer te word nie. Daar is altyd die dwase wat dink hulle weet reeds alles. Al wil jy ook hoe graag, kan jy iemand wat nie wil leer nie, niks leer nie! Daarom is dit só belangrik dat plaaswerkers en opkomende kommersiële boere (wit, swart en bruin) bereid sal wees om uit die kennis en ervaring van bestaande kommersiële boere te leer.

GEBED: Vader, maak asseblief ons opkomende boere bereid om te leer by hulle wat reeds baie ervaring het. Wil U gee dat daar 'n baie mooi vertrouensverhouding tussen die opkomende boere en hulle blanke mentors sal wees, want as opkomende boere nie hulle mentors vertrou nie, sal hulle ook niks anders by hulle leer nie. Help ook die mentors om nooit hulle eie belang te soek nie en altyd so op te tree dat hulle met reg vertrou kan word. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid vir genoeg goeie, bekwame Christenmentors wat bereid sal wees om opkomende boere te dien en te begelei met die liefde en geduld van Christus.
* Bid vir die opleiding en toerusting van mentors, sodat hulle ook hulle taak effektief kan uitvoer.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: *AMOS* beywer hom vir Christusgesentreerde landbou. Daarom wil ons mense leer hoe om die Here 24 uur van elke dag in die landbou en al hulle daaglikse aktiwiteite te dien. Bid die seën van die Here op *AMOS* af om hierin te slaag. Bid vir die werk van *AMOS* in **Limpopo.**

Donderdag - 30 September 2004

LEES: Spreuke 27:5-6 en vers 9, asook vers 17

'n Mens leer die heel meeste by jou vriende, want jy vertrou hulle en weet hulle het jou lief. Hulle het jou lief genoeg om jou soms tereg te wys. Hulle gee vir jou goeie raad en help jou om beter perspektief op 'n saak te kry,

want dikwels sien hulle ‘n saak vanuit ’n ander hoek. Geseënd is elkeen wat goeie vriende het. In ’n veelrassige samelewing soos in Suid-Afrika, is dit egter baie belangrik om nie jou vriendekring te beperk tot mense van jou eie taal- en kultuurgroep nie. Jy moet dit waag om buite die tradisionele grense te beweeg en vir jou ’n vriend of twee te kry wat aan ’n ander groep of volk as jy behoort. Dit sal jou lewe verryk en eenheid, versoening en onderlinge vertroue bevorder - alles dinge wat só nodig is om grondhervorming te laat slaag en goeie buurmanskap in die toekoms te verseker. *(Dié soort vriendskap is veel meer as ’n goeie werksverhouding tussen wit, swart en bruin en dit sal beide die bestaande en die opkomende boere op ’n besondere manier bemagtig.)*

GEBED: Here, in ons land is ware vriendskappe oor taal- en kultuurgrense nog nie ’n algemene ding nie. Wil U ons help om ook sulke vriendskappe te sluit en wil U gee dat elkeen se lewe daardeur verryk sal word en dat dit ’n bydrae tot grondhervorming sal lewer.

GEBEDSAKE:

* Bid teen veediefstal en brandstigting wat reeds soveel boere op hul knieë gedwing het.
* Bid vir die plattelandse plakkersgemeenskappe, veral vir werkloses, bejaardes en kinders. Bid dat Christene hulle nood ter harte sal neem en met woord en daad betrokke sal raak. *(Lees Jesaja 58)*

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: *Million Leaders Mandate* is ’n inisiatief van John Maxwell en verskeie samewerkende organisasies. Oor die volgende drie jaar wil hulle 40 000 leiers wêreldwyd oplei. Elkeen van hierdie 40 000 moet dan weer 25 ander leiers gaan oplei. Op dié manier wil hulle ’n bydrae lewer om die tekort aan Christenleiers wêreldwyd aan te spreek. *AMOS* neem deel aan hierdie inisiatief en wil poog om ten minste 250 leiers tot einde 2006 op te lei. Bid vir die werk van *AMOS* in **Gauteng.**

Vrydag - 1 Oktober 2004

LEES: Spreuke 24:27 en 27:18, 23-27, asook 28:19

Plaaswerkers weet in baie gevalle meer van die veld, diere, plante en bome as die boer self. Tog sukkel meeste van hulle wanneer hulle op hul eie probeer boer. Waarom? Een van die belangrikste redes is waarskynlik

omdat hulle nooit geleer het hoe 'n besigheid of onderneming werk nie. Hulle het nie kennis van finansiële beplanning en bestuur nie; ook nie van produksie, bemarking, inligtingstelsels, personeelbestuur en logistiek nie. 'n Mens sou kon sê hulle het boerderykennis, maar nie *"kantoorkennis"* nie. Hulle sukkel om die regte prioriteite te bepaal en spandeer dikwels hulle geld *(aanvangskapitaal)* op goed wat nie geld inbring nie, maar net 'n uitgawe is. Hulle sukkel om die regte balans tussen primêre boerderyaktiwiteite *(dit wat hulle op die plaas produseer)* en die ondersteuningsfunksies *(dit wat hulle nodig het om die produksie te ondersteun; byvoorbeeld mense, voertuie, implemente, toerusting, inligtingstelsels, kunsmis, ensovoorts)* te handhaaf. Opkomende boere moet gehelp en geleer word wanneer hulle aan wat aandag moet gee. Om suksesvol te boer, moet jy immers die regte ding op die regte tyd en die regte manier doen.

GEBED: Vader, om deesdae te boer, is alles behalwe maklik. Boerdery het 'n ingewikkelde besigheid geword. Soveel boere wat reeds jare op die plaas is, oorleef nie meer nie. In hierdie tyd, wil en moet ons nuwe boere vestig; meestal mense sonder besigheidskennis en ervaring. Daarom pleit ons by U, gee aan ons u wysheid en leer ons hoe om hulle te bemagtig. Help asseblief ons opkomende boere om die besigheidskant van boerdery te verstaan en te bemeester. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid vir die bemagtiging van opkomende boere, veral wat die besigheidskant van boerdery betref. Bid vir organisasies en instansies wat hierdie soort opleiding aan plaaswerkers en opkomende boere gee. Bid dat die Here hulle werk buitengewoon sal seën en sal laat vrug dra.
* Bid vir landbouleiers op al die verskillende terreine, veral ook vir die minister van landbou en al die LUR'e vir landbou.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: *AMOS* gee self ook aandag aan die ontwikkeling van dagstukkies vir invaltyd en ***kursusse in roots skills*** wat op die Woord van Christus gebaseer is. Bid dat die Here aan ons die tyd, geld en kundigheid sal voorsien om die proses te versnel en uiteindelik *(moontlik in samewerking met ander organisasies)* puik produkte op die tafel te plaas. Bid vir die werk van *AMOS* in **Namibië.**

Saterdag - 2 Oktober 2004

LEES: Spreuke 15:22 en 21:5

Die vinnige en oorhaastige implementering van ondeurdagte planne gaan tot groot chaos en ellende lei. Grondhervorming moet deeglik beplan en bestuur word. So veel moontlik mense se raad en advies moet ingewin word. Dis nie genoeg om net te beplan watter en hoeveel grond wanneer en hoe aan nuwe eienaars oorgedra moet word nie. Dit is veral belangrik om 'n deeglike plan op te stel oor hoe opkomende boere opgelei en bemagtig gaan word. Ek is van mening dat 'n omvattende opleidingsprogram, wat veral fokus op ***root skills*** en wat op die Woord van die Here gebaseer is, uiters noodsaaklik is. Dié program behoort al by landbouskole en kolleges geïmplementeer te word, sodat geskikte en bekwame kandidate oor 'n paar jaar geïdentifiseer en verder opgelei kan word. Daarvoor is die samewerking tussen die owerheid, die kerk, georganiseerde landbou en die privaatsektor uiters belangrik.

GEBED: Here, baie dankie vir elke gesprek wat reeds oor grondhervorming gevoer is en al die verskillende rolspelers se insette. Dankie vir planne wat reeds op die tafel is. Dankie dat die regering se doelwit *(30% van alle kommersiële landbougrond moet teen Junie 2016 in swart/bruin hande wees)* ons nog die tyd en geleentheid bied om te beraadslaag, te beplan en mense op te lei. Ons bid dat U ons sal help om dié tyd uit te koop en reg te gebruik. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid dat die Here sy plan vir grondhervorming aan sy kinders sal bekend maak en dat hulle die geloofsmoed sal hê om sy opdrag op sy manier uit te voer.
* Bid vir 'n effektiewe opleidings- en bemagtigingsprogram wat grondhervorming kan ondersteun.
* Bid dat mense na afloop van hierdie 40 dae waarin ons deur gebed op die landbou gefokus het, sal aanhou om oor grondhervorming te bid en die Here se leiding en seën te vra.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid dat die Here deurgaans vir ons sal wys watter **rol *AMOS* in grondhervorming** moet speel. Bid vir die werk van *AMOS* in **Zimbabwe.**

Sondag - 3 Oktober 2004

Word stil voor die Here. Blaai terug en kyk weer na die sake waaroor ons hierdie week gebid het. Hoe het die Heilige Gees jou persoonlik aangespreek? Watter gebedsaak het Hy swaar op jou hart gelê? Hoe wil Hy jou lewe verander? Vir wie, of waaroor wil Hy hê moet jy weer bid? Neem tyd en doen dit nou.

Skrifgedeelte waaruit, of saak waaroor die Here spesifiek met my gepraat het:

……

Sake waaroor ek weer wil en moet bid:

……

……

Lees 1 Timoteus 2:1-6a. Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee landbouleiers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee boere en twee plaaswerkers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

1. …… 2. ……

Kleingroepbyeenkoms

Berei **deel vier** voor vir julle volgende kleingroepbyeenkoms. Hou die byeenkoms aan die hand van die riglyne op bladsy 12.

DEEL 5

DIE BEMAGTIGING VAN BESTAANDE KOMMERSIËLE BOERE ENPLATTELANDSE GEMEENTES

Sommige van die bevindinge van 'n Markinor meningsopname wat in die Landbouweekblad van 21 Mei 2004 gepubliseer is, is bemoedigend. *"Altesame 75% van die boere wat ondervra is, sê grondhervorming is onafwendbaar in Suid-Afrika, terwyl byna 54% aangedui het hulle is bereid om van hulle grond te verkoop vir grondhervorming. 'n Groot welwillendheid om met die vestiging van opkomende boere te help, kom ook uit die vers lag na vore. Byna 70% van die boere het aangedui hulle is bereid om as mentors op te tree om opkomende boere te help om welslae te behaal, terwyl 73.5% te kenne gegee het dat grondhervorming gedoem is sonder die betrokkenheid van kommersiële boere."* Indien dié bevindinge vergelyk word met die wat op 13 April 2001 in die Landbouweekblad gepubliseer is, wil dit lyk of boere steeds meer positief word. Op hierdie positiewe ingesteldheid van die meerderheid van ons boere, moet voortgebou word.

Uit die verslag is daar egter ook bevindinge waarvan gemeentes op die platteland *(veral die blanke kerke)* beslis moet kennis neem. Grondhervorming, misdaad en die winsgewendheid van boerdery is die drie grootste hoofpyne waarmee boere worstel. Verder voel 51.5% van die respondente *(in die Vrystaat is dit die hoogste met 62%)* dat die kans baie goed is dat die Zimbabwe-resep vir grondhervorming hier herhaal sal word. Al dink net 26% van die boere wat ondervra is dat die regering se mikpunt om 30% van landbougrond in 2015 in swart hande te hê, haalbaar is, moet plattelandse gemeentes ook rekening hou met dié regeringsdoelwit. Dit gaan beslis daartoe lei dat tradisionele blanke gemeentes op die platteland nog kleiner gaan word. Tesame met die afname in winsgewendheid van boerdery, gaan dit beslis ook finansiële druk op klein plattelandse gemeentes plaas. Dit gaan weer druk op die tradisionele manier van bediening tot gevolg hê. Aangesien die situasie waarin lidmate van swart en bruin gemeentes hulleself sedert 1994 bevind, radikaal verander het en steeds besig is om te verander, kan hulle bediening ook nie onveranderd voortgaan nie.

Kom ons bid hierdie week vir die bemagtiging van bestaande kommersiële boere, asook blanke en swart plattelandse gemeentes.

Maandag - 4 Oktober 2004

LEES: Romeine 12:1-2 en Efesiërs 2:11-3:6

Wanneer lidmate voor nuwe probleme en uitdagings te staan kom en nuwe behoeftes ontwikkel, plaas dit ook die kerk en gemeentes voor nuwe uitdagings. Daar moet oor nuwe sake gepreek word; nuwe studies moet onderneem word; nuwe antwoorde moet gegee word. Gemeentes wie se getalle afneem en waarvan die meerderheid lidmate steeds armer word, sal bemagtig moet word om **radikaal nuut te dink** oor hulleself en die bekostigbaarheid van hulle strukture. Hulle sal nuut moet dink oor lidmaatskap, kerkeenheid en interkerklike samewerking. Hulle sal nuut moet dink oor die wesenlike van kerkwees. Hulle sal nuut moet dink oor wat die taak van die leraar is en wat lidmate self behoort te doen. Plattelandse leraars sal gehelp moet word om lidmate toe te rus vir 'n nuwe vorm van Christelike buurmanskap. Hulle sal gehelp moet word om lidmate prakties toe te rus om Jesus, Bybelse waardes, sowel as basiese vaardighede *(root skills)* effektief aan plaaswerkers en opkomende boere oor te dra.

GEBED: Here, u Woord en u waarheid staan so vas soos die berge. Ons dank U daarvoor. Elkeen van die 66 boeke is vir spesifieke mense binne spesifieke omstandighede geskryf. Gee asseblief aan ons leraars op die platteland die genade en vermoë om die onveranderlike waarhede van u Woord in hierdie tyd op hulle spesifieke lidmate van toepassing te maak. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid vir leraars/pastore in plattelandse gemeentes, asook vir kerkrade. Bid dat hulle bediening aktueel en doeltreffend sal wees en nie slegs om finansiële oorlewing sal draai nie.
* Bid teen uitgediende tradisies en onbybelse opvattings oor die kerk en die taak van die kerk.
* Bid vir gemeentes wat nie meer 'n eie leraar kan bekostig nie.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Dis nou twee maande sedert *AMOS* se hoofkantoor van Memel na Bloemfontein verskuif het. Bid dat die **werk van *AMOS* in Memel sal voortgaan** en dat elke plaas vir Christus bereik sal word. Bid ook vir ons almal se **aanpassing in Bloemfontein** en dat die Here in ons verhoogde lewenskoste sal voorsien. Bid vir die werk van *AMOS* in **Botswana.**

Dinsdag - 5 Oktober 2004

LEES: Filippense 1:27 en 1 Korintiërs 10:31

Die veranderinge oor die afgelope aantal jare, asook dit wat in die volgende paar jaar gaan plaasvind, raak nie net blanke kerke nie. Dit raak die bediening van swart en bruin kerke nog meer ingrypend. Hulle lidmate is nie meer die minderbevoorregte en onderdrukte mense van vroeër nie, maar mense met politieke mag, verhoogde inkomste en groter werksverantwoordelikhede. Ook beklee hulle bestuursposisies en het gevolglik besluitnemingsmag. Hulle het toegang tot kapitaal en grond, fisiese geriewe en omvattende regte onder 'n nuwe grondwet. Al hierdie faktore bring omstandighede mee wat oornag groot verantwoordelikheid op die lidmate plaas, maar waarvoor hulle nie altyd toegerus is nie. Die leiers van swart en bruin kerke sal dus bemagtig moet word om nie net vir hulle lidmate te *"preek"* en *"geestelike boodskappies"* te bring nie, maar hulle vanuit die Woord te onderrig en te bemagtig met die oog op 'n verantwoordelike lewe in nuwe omstandighede, ook in 'n nuwe landboubedeling. Dis beslis nie so eenvoudig as 'n mens in ag neem dat baie van hierdie kerke se leiers ongeletterd is en min of geen opleiding ontvang het nie.

GEBED: Vader, ons pleit dat Christus as die enigste Verlosser in al ons kerke verkondig sal word. Ons bid dat die Heilige Gees dié verkondiging ryklik sal seën en dat u Woord oral in mense se lewe sal oorwin. Ons pleit vir die bemagtiging van kerkleiers. Gee dat hulle deur hulle prediking 'n bydrae tot morele herstel in ons land sal lewer en lidmate sal toerus om hulle vryheid, mag en ekonomiese vooruitgang met verantwoordelikheid te gebruik en te geniet. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid vir die opleiding van kerkleiers, veral ongeletterde of laaggeskoolde leiers in die landelike gebiede en in Afrika.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid vir *AMOS,* maar in besonder ook vir alle **ander organisasies** wat soortgelyke werk as *AMOS* doen. Bid vir *AMOS* se hoofkantoor-personeel in Bloemfontein, asook al ons visiedraers en dosente.

Woensdag - 6 Oktober 2004

LEES: Numeri 9:15-21, asook 10:11-13 en 29-34

Ek het altyd gedink dat die Here die Israeliete in die woestyn nét deur die wolk en die vuurkolom gelei het. Toe lees ek op 'n dag van Gobab. Die Here het nie vir Israel nét op 'n bonatuurlike manier gelei nie, maar ook deur die kennis en ervaring van Gobab *(Numeri 10:31)*. Ons kan dit ook van toepassing op grondhervorming maak. Die Here gaan nie grondhervorming sommer nét met 'n paar wonderwerke laat slaag nie. Hy gaan dit ook doen deur die kennis en ervaring van hulle wat reeds jare in landbou is. Volgens 'n meningsopname deur Markinor, is 70% boere bereid om as mentors vir opkomende boere op te tree. Om goeie boerdery-ondervinding te hê en gewillig te wees om as mentor op te tree, los al 'n baie groot deel van die probleem op. Maar om in ooreenstemming met die Skrif, in 'n multikulturele situasie 'n effektiewe mentor te wees, vra in die praktyk ook ander vaardighede. Die groot vraag is: Wie gaan ons boere help om dié vaardighede te ontwikkel, want die Here gaan ook dít nie noodwendig net op 'n bonatuurlike manier aan hulle gee nie.

GEBE Vader, ons dank U vir soveel kommersiële boere wat bereid is om ander te help om ook suksesvolle boere te word. Seën hulle ryklik en gee dat hulle al die opleiding, hulp en ondersteuning sal ontvang wat hulle nodig het om effektiewe mentors te wees. Help hulle om nuwe vaardighede aan te leer en in die proses self ook te groei. Amen

GEBEDSAKE:

* Dank die Here vir uiters bekwame en kundige kommersiële boere waaroor ons land beskik en dat hulle bereid is om hulle kundigheid met ander te deel.
* Bid vir baie Suid-Afrikaanse en Zimbabwese boere wat 'n heenkome elders in Afrika gaan soek het. Bid dat hulle tot groot seën sal wees vir die lande waar hulle nou boer en dat hulle hul kennis en vaardighede ook daar met plaaslike boere sal deel. Bid dat hulle ook dáár Christus sal verkondig.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid dat meer en **meer kommersiële boere by *AMOS* sal inskakel.** Bid dat ons hulle sal kan bemagtig en help om die Evangelie 24 uur van elke dag op die plaas uit te leef, maar ook ander te leer en te wys hoe om dit te doen. Bid vir *AMOS* se **streekkantoor-personeel** in die Wes-Kaap, Noord-Kaap en Mpumalanga.

Donderdag - 7 Oktober 2004

LEES: Markus 10:45, Johannes 13:12-17 en Filippense 2:3-8

Christus het ons belange bo sy eie gestel en as slaaf ons kom bedien met die liefde van God. Hy het sy lewe prysgegee sodat ons die ewige lewe kan ontvang. Nou verwag Hy van sy kinders om ook ander se belange bo hulle eie te stel. Baie boere openbaar reeds hierdie gesindheid van Jesus. Hulle verstaan dat ons geroep is om Afrika te dien, nie om van Afrika ons dienskneg te maak nie. Hulle poog om Afrika 'n beter plek te maak, en nie om Afrika en sy mense te gebruik ter wille van 'n beter lewe vir hulleself nie. Ongelukkig is daar nog baie *(selfs Christene)* wat nie dié gesindheid het nie. Hulle moet nog bemagtig word om werklik dienskneg te wees, soos wat Christus ons geleer het.

GEBED: Vader, dankie dat Jesus ons kom dien en sy lewe vir ons afgelê het. Dankie vir boere wat bereid is om Afrika en sy mense te dien en só 'n kragtige en geloofwaardige getuienis te lewer. Wil U hulle tot buitengewone seën vir Afrika maak. Ons pleit ook dat U deur hulle voorbeeld, al meer ander boere sal bemagtig om opkomende boere met woord en daad te dien. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid dat meer en meer mense wat deel van die landelike en boerderygemeenskap is, die dienskneggesindheid van Jesus sal openbaar.
* Bid oor grondbelasting en hoe dit prakties geïmplementeer gaan word. Daar bestaan groot onsekerheid en baie vrese in dié verband. Bid dat plaaslike owerhede verantwoordelik sal optree en nie onrealistiese heffings sal instel nie.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid dat al *AMOS* se personeel, dosente, visiedraers, asook lede van die direksie en die maatskappy, altyd **heilig sal lewe en regverdig optree.** Bid dat die Here hulle almal teen die aanslag van die duiwel, die wêreld en hulle eie sondige natuur sal beskerm.

Vrydag - 8 Oktober 2004

LEES: 1 Samuel 23:16, Jeremia 31:25, Handelinge 4:36-37, Romeine 4:17b-21, asook 2 Korintiërs 7:6

As daar een ding is waaraan ons boere in hierdie tyd 'n baie groot behoefte het, is dit hoop en bemoediging. Daar is soveel mislukte projekte en soveel doemprofete. As ons hoop verloor, het ons niks oor wat die moeite werd is nie. Gelukkig beskryf die Bybel God as dié Een wat die neerslagtiges opbeur; dié Een wat aan die moedelose weer nuwe hoop gee. Maar Hy wil jou en my gebruik net soos hy vir Jonatan, Barnabas en Titus gebruik het. Ons moet almal saamwerk en bid vir meer suksesverhale. Bemoediging beteken nie om vir mekaar vals hoop te gee of daarop te wys dat elke donker wolk 'n silwer randjie het nie. Mense skep moed wanneer hulle ten volle oortuig is dat God die vermoë het om te doen wat Hy belowe het. Daarom moet ons mekaar help om op God se vermoë te fokus, nie op ons en ander se tekortkominge nie. Ons moet draers van hoop wees. Sonder hoop gaan grondhervorming 'n hopelose mislukking wees.

GEBED: Here, ons aanbid U as die bron van alle hoop *(Romeine 15:13)*. Ons aanbid U as dié Een wat neerslagtiges opbeur en nuwe moed aan moedelose mense gee. Daarom pleit ons, Vader, gee dat ons nooit hoop sal verloor nie. Maak ons almal positiewe en blymoedige mense en leer ons om mekaar te bemoedig in ons vertroue op U. Amen

GEBEDSAKE:

* Bid dat die Here meer en meer suksesverhale sal skep. Bid dat die suksesstories in grondhervorming gaandeweg meer as die verslae oor mislukte projekte sal word.

VOORBIDDING VIR AMOS AGRIMIN: Bid dat *AMOS* in **gehoorsaamheid aan die Here sal leef** en dat ons aan sy doel sal beantwoord. Bid dat alle lof en dank vir die seën en vrug op ons werk, aan Hom gebring sal word.

Saterdag - 9 Oktober 2004

Word stil voor die Here. Blaai terug en kyk weer na die sake waaroor ons hierdie week gebid het. Hoe het die Heilige Gees jou persoonlik aangespreek? Watter gebedsaak het Hy swaar op jou hart gelê? Hoe wil Hy jou lewe verander? Vir

wie, of waaroor wil Hy hê moet jy weer bid? Neem tyd en doen dit nou.

Skrifgedeelte waaruit, of saak waaroor die Here spesifiek met my gepraat het:

……

Sake waaroor ek weer wil en moet bid:

……

……

Lees 1 Timoteus 2:1-6a. Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee landbouleiers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

Bid vir die redding en/of geestelike groei van enige twee boere en twee plaaswerkers wat die Here op jou hart lê:

1. …… 2. ……

1. …… 2. ……

Sondag - 10 Oktober 2004

Here, ons aanbid U as dié Een aan wie alle grond behoort, asook die Een wat ons leer hoe om te boer *(Jesaja 28:23-29)*. Ons erken U reg om u grond te gee aan wie U wil. Leer ons almal in Afrika om goeie rentmeesters van u grond te wees. Leer ons om in liefde saam te woon en te werk, sodat ons u seën kan geniet *(Psalm 133).*

Gee asseblief aan ons die regte gesindheid, maar ook die kennis en wysheid om grondhervorming in Suider-Afrika tot u eer en tot voordeel van al ons mense te **b**eplan, te **b**efonds en te **b**estuur. Vader, wil U asseblief die boerderygemeenskap, georganiseerde landbou (NAFU ingesluit), die regering, kerke, die privaatsektor en *AMOS AGRIMIN* help om almal hartlik saam te werk. Help ons asseblief om mooi na mekaar te luister, eerlik met mekaar te praat en mekaar algaande meer te vertrou.

Bewaar en beskerm die hele grondhervormingsproses sodat dit nie ontspoor en ons in eindelose ellende en hongersnood dompel nie. Vernietig elke plan van die Bose om juis dít te doen.

Ontferm U asseblief oor almal wat in hierdie proses bang en onseker is; elkeen wat op een of ander manier verontreg voel. Betoon u liefde en genade aan almal wat ly en swaarkry. Ontferm U in besonder oor Zimbabwe en herskep weer dié land en sy mense tot u eer. Maak elkeen wat grond en besittings verloor het, ryk in U, sodat hulle in die toekoms selfs tot groter seën vir hulle land sal wees.
Leer en onderrig alle nuwe grondeienaars deur u Goeie Gees! Leer hulle om die regte ding, op die regte tyd, en die regte manier te doen *(vergelyk Jesaja 28:23-29)*. Gee aan hulle die wysheid en genade om hulle grond tot u eer te bewoon, te **b**ewerk en te **b**ewaar *(Genesis 1:28 en 2:15)*.

Seën Afrika se mense en die opbrengs van haar grond, sodat niemand in Afrika van honger sal sterf nie. Voed en versorg Afrika deur die werk van ons hande. Help ons almal om Afrika te dien en nie van Afrika ons dienskneg te maak nie.

Seën ons boerderygemeenskap sodat ons tot seën vir Afrika sal wees. Verhoor asseblief ons gebede en gee aan ons u vrede. Ons pleit dit in die Naam van Christus. Amen

Kleingroepbyeenkoms

Berei **deel vyf** voor vir julle volgende kleingroepbyeenkoms. Hou die byeenkoms aan die hand van die riglyne op bladsy 12.